

WEIDINGKAPASITEITSTUDIES OP VELD IN DIE NOORD-KAAP

deur

IZAK STEPHANUS VENTER

VOORGELÊ OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES VIR DIE
GRAAD M.Sc. (Agric) IN DIE FAKULTEIT LANDBOU
(Departement Weidingsleer)

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

STUDIELEIER : PROF. W.L.J. VAN RENSBURG

MEDE STUDIELEIER : MNR L.F. VORSTER

NOVEMBER 1990

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOENFONTEIN
18 JUN 1991
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 633.2020968711 VEN

VOORWOORD

Alle eer, lof en dank aan die Skepper vir die krag, gesondheid en geleentheid om hierdie taak te kon verrig.

Hiermee wens ek my opregte dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies te betuig:

Die Departement Landbou-ontwikkeling vir die geleentheid om hierdie studie te kon onderneem en die finansiering daarvan.

Prof W.L.J. van Rensburg, Hoof van die Departement Weidingsleer aan die Landboufakulteit van die Oranje Vrystaat, wat as studieleier opgetree het. Mnr L.F. Vorster, aan dieselfde Departement en Universiteit, wat as mede-studieleier opgetree het. Die leiding, positiewe benadering en belangstelling word opreg waardeer.

Mnr G.J. Redelinghuys, Navorsingstegnikus, Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie vir die tegniese hulp met die uitvoering van die proefwerk.

Die plaasvoormanne en arbeiders van Armoedsvlakte vir die diereversorging, instandhoudingswerk en monsternemings.

Die laboratoriumpersoneel van die Afdeling Diereproduksie, Glen vir alle chemiese en *in vitro* ontledings.

Dr M.V.P. Read van die Afdeling Diereproduksie met die vertaling van die uittreksel in Engels.

Mnr S.A. Burger, Bio-Datametrisiese Dienste, Glen, vir die onbaatsugtige hulp, positiewe benadering en leiding met die statistiese ontledings en interpretasie van die resultate. Mej M. Baard vir die verkryging van die langtermyn klimaatsdata.

Prof H.A. Snyman in die Departement Weidingsleer aan die Landboufakulteit U.O.V.S., Dr E.A.N. Engels, Adjunk-Direkteur

Navorsing, van die Departement Landbou-ontwikkeling, Vrystaat-
streek en die personeel van die Afdeling Weiding, Glen vir die
belangstelling en hulp tydens die verloop van die studie.

My ouers, skoonouers, broers en hul gesinne vir die volgehoue
belangstelling en aanmoediging, asook in die besonder aan my vrou
vir die opofferings tydens die uitvoering van die studie.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK		Bladsy
1	INLEIDING	1
2	LITERATUUROORSIG	4
	2.1 Verandering in basale bedekking, botaniese samestelling en veldtoestand onder beweiding	4
	2.2 Verandering in beskikbare bogrondse fitomassa onder beweiding	6
	2.3 Voedingswaarde van weiding	7
	2.4 Definisies vir veelading en die verwantskap met diereproduksie	9
	2.5 Ekonomiese ontledings van diereproduksie ...	12
3	BESKRYWING VAN PROEFTERREIN	14
	3.1 Ligging	14
	3.2 Klimaat	14
	3.3 Plantegroei	15
	3.4 Gronde	17
4	ONDERSOEKPROSEDURE	18
	4.1. Behandelings en proefmateriaal	18
	4.2. Uitleg van proefkampe	19
	4.3. Klimaatstudies	21
	4.4. Diereproduksie	21
	4.4.1. Massabepaling van beeste	21
	4.5. Plantproduksie	22
	4.5.1. Basale plantbedekking	22
	4.5.2. Botaniese samestelling en veldtoestand	22
	4.5.3. Beskikbare bogrondse fitomassa	22
	4.6. Voedingswaarde van die weiding	23
	4.6.1. Diergeselekteerde weiding	23
	4.6.2. Chemiese ontledings	23
5	RESULTATE EN BESPREKING	24
	5.1. Klimaat	24
	5.1.1. Reënval	24
	5.1.2. Grondwater	25

HOOFSTUK	Bladsy
5.1.3. Temperatuur	30
5.1.4. Verdamping	31
5.2. Veelading	32
5.3. Plantproduksie	33
5.3.1. Basale plantbedekking	33
5.3.2. Botaniese samestelling en veldtoestand .	43
5.3.3. Beskikbare bogrondse fitomassa	51
5.4. Voedingswaarde van die weiding	67
5.4.1. Ruproteïen van diergeselekteerde weiding	67
5.4.2. Verteerbare organiese materiaalinhoud van veld soos deur diere geselekteer	71
5.5. Diereproduksie	74
5.5.1. Lewende massatoename per dier	74
5.5.2. Lewende massatoename per GVE	84
5.5.3. Lewende massatoename per ha	92
5.6. Verwantskappe van veelading met diereproduksie en plantproduksie	101
5.6.1. Verwantskap tussen veelading en diere- produksie	101
5.6.2. Verwantskap tussen beskikbare bogrondse fitomassa en weidruk met veelading	105
5.6.3. Verwantskap tussen beskikbare bogrondse fitomassa met diereproduksie	109
5.6.4. Biomassa van plante tot die biomassa van die diere	114
5.6.5. Ekonomie van die verskillende behandelings	116
 6	
BESPREKING EN GEVOLGTREKKING	118
6.1. Die invloed van veelading en beweidingstelsels op basale bedekking, botaniese samestelling en beskikbare bogrondse fitomassa	118
6.2. Die invloed van veelading en beweidingstelsels op die ruproteïen en verteerbaarheid van diergeselekteerde weiding	120
6.3. Die invloed van veelading en beweidingstelsels op diereproduksie	120
6.4. Vasstelling van die optimum weidingkapasiteit	121

HOOFSTUK		Bladsy
7	TEKORTKOMINGS	122
8	OPSOMMING	123
9	ABSTRACT	125
10	LITERATUURVERWYSINGS	127
11	BYLAE	135

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Suid-Afrika beslaan 'n oppervlakte van 122,3 miljoen ha. Daarvan word 102,8 miljoen ha deur landbou en bosbou benut. Bome vir timmerhout en natuurlike woude beslaan 1,6 miljoen ha, terwyl 14 miljoen ha bewerk (geploeg) word. Natuurlike veld, wat beweï word, beslaan 83 miljoen ha (68 persent) in Suid-Afrika. Daar kan dus met reg gesê word dat in terme van die oppervlakte wat vir boerdery benut word, landbou belangrik vir Suid-Afrika is. Die reënval van Suid-Afrika neem af vanaf 1 000 mm per jaar in die ooste tot 100 mm in die weste. Die 500 mm-reënvallyn verdeel die land in twee, terwyl slegs 10 persent van die totale landsoppervlakte meer as 750 mm reën ontvang (Anoniem, 1989a). Noord-Kaap is die gebied van Kaapland noord van die Oranjerivier en beslaan 12 persent van Suid-Afrika se oppervlakte. Die gebied is in 25 verskillende weidingkapasiteitgebiede verdeel en die produksiepotensiaal daarvan gaan hoofsaaklik gepaard met reënval wat afneem vanaf 500 mm in die noord-ooste tot 100 mm in die weste. Die Departementele aanbevelings met betrekking tot weidingkapasiteit wissel van 7 ha/GVE in die noord-ooste tot 39 ha/GVE in die weste. Weens die gebrekkige beskikbaarheid van geskikte grond en/of water is die gebied hoofsaaklik op veeproduksie vanaf veld aangewese. Die gebied is ook gereeld aan seisoenale- en rampdroogtes onderworpe wat onstabiliteit van die boerdery in die hand werk. In 1988 was die beesgetalle in die Noord-Kaap nege persent van die totale aantal beeste van 8,1 miljoen in Suid-Afrika, terwyl sewe persent van die totale beeskarkasse wat in 1989 geslag is uit die gebied kom. In 1988 was daar 737 371 beeste, 40 623 wolskape, 2 778 193 nie-wolskape, 422 471 bokke, 26 532 perde en 8 695 donkies in die elf landdrosdistrikte van die Noord-Kaap.

Met die lae reënval, groot waarskynlikheid van periodieke droogtes, en die ernstige afmetings van veldagteruitgang in die Noord-Kaap is die toepassing van 'n veelading wat in ooreenstem-

ming met die weidingkapasiteit van die veld is, van die uiterste belang. Omdat veldveranderings stadig plaasvind is dit nie altyd sigbaar nie. Dikwels het veld alreeds so ver agteruitgegaan dat dit uiters moeilik is om sonder drastiese stappe die oorspronklike plantegroei te laat vestig. Veldbestuuraanbevelings in Noord-Kaapland berus op 'n ope rotasie wisselweidingstelsel met 6 tot 8 kampe per kudde en beweiding geskied volgens die beginsels van beheerde selektiewe beweiding (Fourie, Dry & Hamman, 1982). Die weidingkapasiteit word deur die boere aansienlik hoër geskat as wat aanbeveel word.

Verskillende weidingstelsels is ontwikkel, aanbeveel en word effektief deur boere toegepas. Die toepassing van 'n veelading wat in ooreenstemming met die weidingkapasiteit van veld is, is tans 'n probleem wat aandag geniet. Korttermyn resultate oor die nadelige invloed van verkeerde veeladings op plantegroei (Tainton, 1972; Edwards & Nel, 1973; Edwards, 1980, Boultwood & Rodel, 1981 en Fourie, 1983) het die belangrikheid van korrekte veeladings uitgewys. Die basiese mikpunt van elke boer moet wees, om ekonomies optimaal te produseer. In die geval waar die veeboer gebruik maak van veld as voedingsbron vir sy diere word daar dus gestrewe na 'n kompromie waarin bestuurspraktyke (veelading) so toegepas word dat, (i) die behoefte van die veld vir produksie en reproduksie; en (ii) die behoefte van die dier vir produksie en reproduksie in aanmerking geneem word (Opperman, 1985). Hier gaan dit om die langtermynbehoefte van die veld en dier wat die ekonomiese opbrengs oor die langtermyn sal maksimaliseer. Daar bestaan in Suid-Afrika 'n ernstige gebrek aan langtermyn eksperimentele inligting oor die invloed van veelading op plantegroei en diereproduksie.

'n Langtermyn navorsingsprojek is in 1977 begin om antwoorde op die volgende vrae te kry:

Wat is die langtermyn weidingkapasiteit (ha/GVE) van die veld op die Armoedsvlakte proefplaas naby Vryburg?

Wat is 'n akkurate, maar maklik meetbare parameter waarmee weidingkapasiteit gekorreleer is en met watter tegnieke kan weidingkapasiteit vasgestel word?

Kan weidingkapasiteit onder aanhoudende beweiding korrek teenoor wisselweiding voorspel word om koste en insette in die toekoms te bespaar?

Wat is die invloed van verskillende veeladings en weidingstelsels op plantegroei en diereproduksie oor die langtermyn?

Daar is van agt behandelings, vier veeladings elk onder wissel- en aanhoudende beweiding gebruik gemaak. Die resultate van die eerste vier proefseisoene, 1977/78 tot 1980/81 is deur Fourie (1983) bespreek. Die daaropvolgende seisoene tot 1987/88 word in hierdie verhandeling bespreek.

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

2.1 Verandering in basale bedekking, botaniese samestelling en veldtoestand onder beweiding

Die produksievermoë, gesondheid en stabiliteit van die veld is 'n weerspieëling van die huidige veldtoestand in verhouding tot die maksimum potensiaal daarvan vir die betrokke omgewing (Kruger, 1983). Basale bedekking is die persentasie oppervlakte wat deur die lewende basale (gewortelde) gedeeltes van plante bedek word, terwyl die botaniese samestelling die relatiewe verhouding van verskillende spesies wat voorkom is (Trollope, Trollope & Bosch, 1990).

Veranderings in plantegroei in Suid-Afrika het plaasgevind en vind nog steeds plaas. Volgens Wilson & Tupper (1982) is daar bepaalde kenmerke wat die verandering in veldtoestand uitwys. Die primêre kenmerke is die verandering in plantegroei naamlik botaniese samestelling, bedekking en die verdigting en/of indringing van onbenutbare spesies. Sekondêre kenmerke is die verandering in die grondeienskappe soos infiltrasietempo, samestelling en stabiliteit. Tersêre kenmerke is die verandering in produksie moontlikhede van die veld soos diereproduksie, grondwater, habitat vir wilde dierelewe en die estetiese waarde van die veld.

In die Karoo is gevind dat volgehoue aanhoudende beweiding teen 'n hoë- en matige veelading tot swak veldtoestande lei, terwyl 'n hoë veelading ook tot swak diereprestasie lei (Donaldson, 1986). Barnes, Rethman, Beukes & Kotzé (1984) kritiseer die metodes vir die evaluering van veldsamestelling om weidingkapasiteit te beraam. Die subjektiwiteit weens die toekenning van relatiewe waardes

aan spesiegroepe word in twyfel getrek. Hulle ontwikkel 'n "vermenigvuldigerkorrelasie"-metode vir geldige skattings van die status van verskillende spesies in terme van weidingkapasiteit. Die objektiwiteit, vaardigheid en toepassing van plantopnames kan verbeter word deur veel-variantontledings. 'n Model is deur Mentis (1983) ontwikkel om die dinamiese wisselwerking tussen plante en diere wiskundig te verklaar. Spesies reageer nie dieselfde onder beweiding nie en gevolglik sal die fout in die bepaling van skaars spesies baie groot wees. As gevolg van die reaksie van spesies op beweiding in Natal het Hardy & Hurt (1989) vir die bepaling van veldtoestand slegs dié spesies gebruik wat meer as 10 % van die totaal in 'n opnameperseel uitmaak en nie met meer as 10 % tussen persele varieer nie. Met die evaluering van ses indeksmetodes wat vir veldtoestandsbepaling gebruik word, word die sleutelspesietegniek deur Heard, Tainton, Clayton & Hardy (1986) vir Natal voorgestel. Die meeste ander tegnieke het nie die verskille tussen behandelings in die opnames uitgewys nie. Friedel (1988) het in die Noord Transvaalse savanne bevind dat die gebruik van die kruidlaagsamestelling vir die reaksie op beweiding nie toepaslik is nie weens die interaksies met ander dryfkragte. Sy bevind dat ekologiese kennis noodsaaklik is vir die wetenskaplike evaluering van veldtoestand.

Volgens Walker, Heitschmidt & Dowhower (1989) word dit algemeen aanvaar dat wisselweiding die verspreiding van diere oor die beweidingoppervlakte verbeter d.w.s. die materiaal beter benut word. Daar is in Texas deur Walker et al. (1989) en in Noord-Dakota deur Kirby, Pessin & Clambey (1986) gevind dat spesifieke plantvoorkeure nie deur die weidingstelsel beïnvloed word nie, maar dat die weidingstelsel wel die voorkeur vir sekere plantgemeenskappe verminder het. In 'n ondersoek op Glen na die weidingvoorkeure van skape het Herbst (1973) geen verskille tussen 'n driekamp- en 18-kampstelsel gekry nie. Daar was ook geen verskille tussen die twee veeladings, wat in elke weidings-

telsel toegepas is nie, behalwe dat die spesies gouer kort gevreet is. Die plantspesies in die driekampstelsel is tot drie keer per weiperiode ontblaar terwyl in die 18-kampstelsel geen herhaling van ontblaring plaasgevind het nie. Onder beide kampstelsels het veldagteruitgang onder die swaar veeladings plaasgevind. Stoltsz & Danckwerts (1990) het in die Oos-Kaap gevind dat diere meer selektief in die winter as in die herfs wei. In die herfs kon die diere met 'n swaar veelading gedwing word om minder selektief te wei, maar nie in die winter nie. Onder 'n swaar veelading is die volgorde van seleksie nie verander nie, maar die siklus van seleksie met herontblaring is net versnel.

Fourie, Redelinghuys & Opperman (1984) het met veeladingstudies in Noord-Kaap bevind dat die veldtoestand eerder met wissel- as aanhoudende beweiding onder swaar veeladings gehandhaaf kon word. Na vier groeiseisoene het die persentasie botaniese samestelling van die veld slegs onder die swaar aanhoudende beweiding verswak. Basale bedekking het onder die swaar veelading met beide die wissel- en aanhoudende beweiding verswak. Daar is gevind dat basale bedekking 'n meer sensitiewe maatstaf is om verandering in veldtoestand te bepaal en dat verandering in botaniese samestelling 'n aanduiding mag wees van 'n meer gevorderde fase van veldagteruitgang (Fourie et al. 1984).

2.2 Verandering in beskikbare boggrondse fitomassa onder beweiding

Die beskikbare boggrondse fitomassa is die massa van die totale boggrondse plantmateriaal (lewende sowel as al die dooie materiaal) per oppervlakte-eenheid (kg/ha) (Gabriel & Talbot, 1984). Fourie, Opperman en Roberts (1985) het in Noord-Kaap gevind dat daar oor vier jaar slegs in een seisoen 'n betekenisvolle verskil tussen aanhoudende- en wisselweiding was ten opsigte van beskikbare boggrondse fitomassa. Beskikbare boggrondse fitomassa per ha verminder

soos die veelading toeneem. 'n Te hoë veelading in 'n marginale reënvalgebied is baie riskant, aangesien daar na vier seisoene 76 reserwe weidare onder 'n hoë veelading beskikbaar was teenoor 337 reserwe weidare onder 'n matige veelading. Danckwerts (1989) het in die Oos-Kaap bevind dat daar minder weiding beskikbaar is vir die diere soos die veelading toeneem, maar die kwaliteit wat die diere selekteer het nie verander nie. In die semi-ariëde grasveld is die weiding wat aan die diere beskikbaar is, 'n meer kritiese faktor as die kwaliteit van die materiaal.

Turner & Tainton (1989a en b) het 'n duidelike patroon in weiding beskikbaar oor die seisoen in die Langgrasveld en Suursandveld van Natal bevind. Veelading is negatief gekorreleerd met beskikbare plantmateriaal in die veelvoudige reglynige regressie vir die voorspelling van plantmateriaal vanaf veldtoestand, veelading en die aanvangstyd van lenteweiding. Minder plantmateriaal word geproduseer soos veelading toeneem. In die Langgrasveld is die droëmateriaalopbrengs nie so beperkend op die inname van diere as in die Suursandveld van Natal nie. Hart, Samuel, Test & Smith (1988) vind egter dat beweiding met tollies geen betekenisvolle verskil in totale plantmateriaalproduksie tussen aanhoudende beweiding, wisselweiding, vinnige wisselweiding en verskillende veeladings vanaf 1982 tot 1987 in Cheyenne, Wyoming lewer nie.

2.3 Voedingswaarde van weiding

Die voedingswaarde van enige voer word deur die chemiese samestelling, die verteerbaarheid daarvan en die vrywillige inname van die dier bepaal. Afgesien van minerale wat die herkouer vir normale liggaamsmetabolisme benodig, is proteïene en energie die belangrikste voedingstowwe wat die peil van diereproduksie bepaal. Die ruproteïëinhoud van weidingmonsters word vanaf die stikstofinhoud bereken, terwyl die verteerbare organiese materiaalinhoud as

energiemaatstaf gebruik word. Indien die chemiese samestelling en verteerbaarheid van 'n voer bekend is, asook die chemiese samestelling en totale hoeveelheid mis wat per tydeenheid uitgeskei word, kan die daaglikse voerinname bereken word (De Waal, 1980). Onvoldoende inname van verteerbare voedingstowwe is dié beperkende faktor vir diereproduksie op natuurlike weiding. Die prestasie van die diere bly steeds die mees betroubare maatstaf van die voedingspotensiaal van die weiding (Engels, 1983).

Daar is deur Engels (1986) en Fourie, Engels, De Bruyn & Biel (1986) ondersoek ingestel of die beskibare materiaal op die veld verwant is aan die materiaal wat die diere vreet. 'n Swak verwantskap tussen die ruproteïëinhoud en verteerbaarheid van handversamelde plantmateriaal en dié wat deur diere geselekteer was, is gevind. Handversamelde materiaal is verkry deur kwadrate in die kamp te sny teenoor die gebruik van slukdermgefistuleerde osse vir dierversamelde materiaal. Die ontledings van die fistelmonsters vanaf diere is baie hoër as wat die ontledings van die beskikbare materiaal op die veld op daardie tydstep was. Die diere wei dus baie meer selektief uit die beskikbare materiaal in die veld.

Olson, Rouse & Malechek (1989) het gevind dat daar groot daaglikse variasie in die kwaliteit van die dieet, verteerbaarheid en inname van die diere gedurende die weiperiode was. Inname het afgeneem soos beskikbare plantmateriaal afneem het. Die diere het daarvoor kompenseer deur langer te wei. Die inname en "byte rate" (haptempo) het afgeneem met 'n afname in ruproteïëinhoud en verteerbaarheid en 'n verhoging in veselinhoud. O'Reagin & Mentis (1988) het in die Natalse sanderige suurveld 'n afname vanaf die lente tot die winter in ruproteïëen bevind, verteerbaarheid en die persentasie blare in die dieet, terwyl die persentasie dooie materiaal betekenisvol toegeneem het. Danckwerts (1989) het in die Oos-Kaap gevind dat die kwaliteit (ruproteïëinhoud

en droëmateriaal verteerbaarheid) van veld redelik konstant bly ten spyte van 'n afname in beskikbaarheid gedurende die weidingperiodes. Die verteerbaarheid het gedaal vanaf die lente na die winter terwyl die ruproteïëinhoud nie noemenswaardig deur die seisoene beïnvloed is nie.

Uit ontledings soos gedoen deur Fourie *et al.* (1986) het die hoogste ruproteïëinhoud van veld, in Oktober tot Desember en die laagste in Julie tot Augustus voorgekom. Die verteerbaarheid van diergeselekteerde materiaal was die hoogste gedurende Februarie tot April en die laagste gedurende Julie tot Oktober. Die ruproteïëinhoud van fistelmonsters het oor 'n periode van vier jaar toegeneem met verhoogde veelading, terwyl die verteerbaarheid daarvan gedaal het. Na vier jaar was daar nie 'n verskil tussen die ruproteïëinhoud en verteerbaarheid van fistelmonsters onder wissel- en aanhoudende beweidingstelsels nie.

Ralphs, Kathmann & Marrill (1986) het in Texas bevind dat met 'n toename in veelading daar 'n afname in dieetkwaliteit is wanneer die groen materiaal min word. Daar word meer droëmateriaal met 'n laer kwaliteit ingeneem. Fourie, Engels & Roberts (1986) het in die Noord-Kaap gevind dat die lewende massatoename naverwant is aan die voeriname van beeste. Die beskikbaarheid van weiding op grasveld in die Oos-Kaap, het 'n groter invloed op diereprestasie as die kwaliteit van die materiaal gehad (Danckwerts 1989).

2.4 Definisies vir veelading en die verwantskap met diereproduksie

Veelading word gedefinieer as die oppervlakte wat die bestuurder aan elke vee-eenheid toeken vir die lengte van die weibare periode. Dit word uitgedruk as oppervlakte per vee-eenheid per lengte van die benutbare tydperk van die jaar (ha/vee-eenheid (VE) of VE/ha). Weidingkapasiteit is die term waardeur die produktiwiteit van 'n area plantegroei

beskryf word in terme van die oppervlakte wat nodig is om 'n sekere aantal diere vir die beweibare/benutbare gedeelte van die jaar op 'n spesifieke tydstip te onderhou sonder agteruitgang van die plantegroei of grond (ha/VE of VE/ha) (Booyesen, 1967). In die literatuur word veelading verskillend beraam. Veelading as diere per ha word deur Jones & Sandland (1974), Bransby (1984) en Keuter, Brockett, Lyle, Tainton & Bransby (1984) in hulle onderskeie studies gebruik. Fourie (1983) het veelading as die aantal ha/dier gebruik om optimum diereprestasie te bepaal. Dit word verwerk na ha/GVE met die definieëring van 'n GVE as die ekwivalent van 'n bees met 'n massa van 500 kg by onderhoudsbehoefte. Hierdie bepaling is op basis van die netto-energiebehoefte van die proefbeeste gedoen. Die Departement Landbou-ontwikkeling maak gebruik van die definisie van Meissner, Hofmeyr, Van Rensburg & Pienaar (1983) waar die term grootvee-eenheid (GVE) gedefinieer word as die ekwivalent van 'n bees met 'n massa van 450 kg wat 500 g/dag in massa toeneem op 'n grasweiding met 'n gemiddelde verteerbaarheid (VE) van 55%. Om hierdie toestand te handhaaf word 75 MJ metaboliseerbare energie (ME) per dag benodig. Veelading word uitgedruk as ha/GVE of GVE/ha.

Danckwerts (1987 & 1988) wys daarop dat daar nie 'n lineêre verwantskap is tussen ha/GVE en die aantal diere op 'n eenheidsoppervlakte nie, terwyl GVE/ha wel 'n lineêre verwantskap lewer. Daar word aanbeveel dat alle rekenkundige beramings van weidingkapasiteite in GVE/ha gedoen word en dan na ha/GVE omgeskakel word om lineariteit te behou. Hardy & Hurt (1989) maak gebruik van diereenhede/ha om die veelading van koei/kalf eenhede te verklaar, waar 'n diereenheid die ekwivalent is van 'n GVE soos gedefinieer deur Meissner et al. (1983). Van Wyk (1988) verklaar dat die term GVE vir boere prakties gesproke, vaag, onduidelik en dikwels verwarrend is. Aantal ha/GVE is ook uitgedien, aangesien die wei-opbrengs van elke plaas van jaar tot jaar verskil. Jaarlikse aanpassings en vroegtydige regstellings

van die wei-opbrengs het uiters noodsaaklik geword en 'n langtermyn drakrag is misleidend, want die veldtoestand bly steeds verswak. Hiervolgens is 'n biologiese benadering gevolg, naamlik dat vir elke kilogram dierlike biomassa 'n sekere volume en kwaliteit voedsel vir onderhoud en spesifieke liggaamsfunksies benodig word.

Jones & Sandland (1974) het met drie jaar se resultate die verwantskappe van produksie per dier en produksie per eenheidsoppervlakte met veelading (aantal diere per eenheidsoppervlakte) bepaal. Die verwantskap tussen massatoename per dier en veelading het 'n lineêre regressie gelewer, terwyl die verwantskap tussen massatoename per eenheidsoppervlakte en veelading 'n kwadratiese regressie gelewer het.

Fourie (1983) het die model van Jones & Sandland (1974) oor die korttermyn getoets en die resultate het getoon dat maksimum massatoename per ha plaasvind by veeladings waar veldagteruitgang alreeds ingetree het, terwyl produksie per dier by dié veeladings waarskynlik so laag sal wees dat 'n bemerkbare produk nie gelewer kan word nie. Fourie (1983) het 'n model ontwikkel waar die som van massatoename per dier en massatoename per ha die optimum veelading voorspel. Dit word die "geweegde optimum" genoem. Die veelading is in ha/dier uitgedruk. 'n Gemiddelde geweegde optimum veelading van 6,96 ha/GVE vir Armoedsvlakte is met hierdie model bereken. Hierdie optimum is met 'n medium veelading (7 ha/GVE) onder wisselweiding getoets en die veldtoestand is in stand gehou, bemerkbare diereprodukte is gelewer en voldoende reserwe weiding is geproduseer om periodieke droogteperiodes te oorbrug.

Dit is belangrik om 'n eenheid te gebruik wat verskillende diersoorte tot dieselfde vergelykende eenheid omskakel. Verskillende rasse het ook verskillende behoeftes en beïnvloed die veld verskillend. Biomassa van die diere moet

bepaal word (weeg diere) en die definisie van Meissner et al. (1983) gebruik om die veelading te beraam.

2.5 Ekonomiese ontledings van diereproduksie

Beeste, skape en bokke word vir verskeie doeleindes aangehou en 'n optimum veelading is nie noodwendig vir alle doeleindes dieselfde nie. Volgens die model van Mentis (1984) is dit betalend om oor die korttermyn 'n swaar veelading toe te pas. Hierdie stelling is slegs waar indien die veldtoestand baie goed is, maar geld nie indien die veld alreeds vertrap is en ongewenste spesies voorkom nie. Quigley, Skovlin & Workman (1984) het die massatoenames van koeie en kalwers in die Blou berge van Oos Oregon en Washington gemeet om die mees ekonomiese veelading met aanhoudende- en wisselweidingstelsels te beraam. Die optimum veelading onder aanhoudende beweiding was tussen dié van die medium- en ligte veelading. Die optimum veelading onder wisselweiding was dieselfde as die medium veelading.

Aucamp, Danckwerts & Venter (1984) het in die Oos-Kaap gevind dat boerbokboerdery oor die korttermyn, meer winsgewend as vleisbeesboerdery is. Die beste langtermyn strategie was 'n kombinasie van vleisbeeste en boerbokke, wat dieselfde kampe bewei, en drie maal meer winsgewend as slegs 'n vleisbeesboerdery is. Beesgetalle moet egter by die veldtoestand van die graskomponent en bokgetalle by die veldtoestand van die struik aangepas word. Die vaste- en veranderlike kostes is gebruik en met die model van Jones en Sandland (1974) is die optimum ekonomiese veelading bepaal. Die ekonomiese optimum veelading is ligter as die optimum veelading van diereproduksie per ha.

Danckwerts & King (1984) het uit die verwantskap tussen veelading en produksie per ha, beraam dat geen swaar veelading finansieel geregverdig is nie. Die vermoë om 'n

droogteperiode te oorbrug word deur 'n ligte veelading verhoog sonder om die winsgewendheid van die boerderystelsel te verlaag. Fouché, De Jager & Opperman (1985) definieer in die Vrystaatstreek (Glen-omgewing) 'n droogte as 'n toestand waar die beskikbare bogrondse droëmateriaal 'n massa van 100 kg/ha of minder bereik. 'n Ekonomiese ontleding het getoon dat 'n optimum bruto wins by 'n veelading van 5,78 ha/GVE by Glen bereik word wat dan ook die langtermyn weidingkapasiteit vir die Glen-omgewing is. Odendaal (1987) beraam 'n metode om die invloed van veelading op die winsgewendheid van vleis-wolskaapproduksiestelsels op weiveld te bepaal. Daar is gevind dat konserwatiewe veeladings die hoogste gemiddelde bruto marge per ha en die minste variasie tussen jare het. Gevolglik het dit ook die laagste risiko van verliese of droogtes. Wanneer subsidie op voerkoste bygereken word, vergroot die ekonomiese voordeel hoe swaarder die veelading is. Slegs boere wat 'n swaarder veelading as die weidingkapasiteit toegepas het, is bevoordeel met die ou subsidiestelsel. Met die instelling van die nuwe stelsel oor droogtehulp moet die boer bewys lewer dat die veelading toegepas binne die weidingkapasiteit van die gebied is.

HOOFSTUK 3

BESKRYWING VAN PROEFTERREIN

3.1 Ligging

Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie is ongeveer 10 kilometer wes van Vryburg in Noord-Kaapland op die 24°88' oosterlengtegraad en 26°57' suiderbreedtegraad en 1 234 meter bo seespieël geleë.

3.2 Klimaat

Armoedsvlakte kom voor in 'n somerreënvalgebied. Die langtermyn klimaatgegevens word in Tabel 1 weergegee.

TABEL 1 Die langtermyn (1940 - 1988) gemiddelde maandelikse reënval, daaglikse temperatuur en verdamping op Armoedsvlakte

Maande	Reënval	Temperatuur		Verdamping
		Maks	Min	
	mm	°C	°C	mm/dag
Julie	4	20.0	0.0	3.9
Augustus	6	22.9	2.5	5.4
September	13	26.7	7.0	7.6
Oktober	32	29.4	11.3	9.1
November	48	30.8	13.6	9.6
Desember	65	32.0	15.6	9.8
Januarie	84	32.2	16.7	9.2
Februarie	81	30.6	16.1	7.6
Maart	74	28.8	14.1	6.3
April	46	26.0	9.6	5.0
Mei	16	22.6	4.4	4.1
Junie	9	19.7	0.6	3.6

Die langtermyn gemiddelde jaarlikse reënval (1940 - 1988) vir Armoedsvlakte is 478 mm. Vanaf Desember tot Maart is die reënval bokant 50 mm per maand, terwyl die reënval in

die winter baie laag is. Die somers is warm en die winters matig. Die temperature is eers vanaf Oktober gunstig vir plantegroei, veral wat die minimum temperature betref. Die gemiddelde daaglikse verdamping is in Oktober, November, Desember en Januarie hoog. Die verdamping in Oktober is hoog in vergelyking met die hoeveelheid reën wat in daardie maand verwag kan word. Dit vertraag die groei van die plante. Gedurende Februarie en Maart is die reënval hoog, terwyl die maksimum temperatuur daal, die minimum temperatuur nog hoog bly en die verdamping afneem. Dit skep 'n goeie groeiklimaat vir die plante. Die winters is koud met strawwe ryp vir gemiddeld 85 dae van die jaar met 29 Mei as die gemiddelde intreedatum. Matige ryp vir gemiddeld 135 dae word vanaf 5 Mei ondervind, terwyl ligte ryp vanaf 27 April vir 149 dae kan voorkom (Van der Berg, 1990, Persoonlike mededeling).

3.3 Plantegroei

Die kalkveld op Armoedsvlakte is 'n subveldtipe van die Vaalbosveld van die Ghaapse plato. Die beskrywing daarvan is tipies soos deur Mostert, Roberts, Heslinga en Coetzee (1971) beskryf. Dit vorm deel van die breë veldtipe No. 16 b 1 (i) soos deur Acocks (1988) beskryf. Die botaniese samestelling van die graskomponent van hierdie veldtipe is in 1977 deur Fourie (1983) bepaal en as verwysingspunt gebruik.

Die plantspesies is in die vier groepe geklassifiseer wat deur Fourie & Du Toit (1983) vir die Vrystaatstreek beskryf is naamlik:

Hooggewenstes:

Hierdie groep plantspesies is hooggewens en word as afnemers beskryf. Die totaal van die groep word met 'n beladingsfaktor van tien vermenigvuldig vir veldtoestand.

Gewenstes:

Hierdie groep plantspesies is gewens en word as toenemers Ia of toenemers IIa beskryf. Die totaal van die groep word met 'n beladingsfaktor van sewe vermenigvuldig vir veldtoestand.

Minder gewenstes:

Hierdie groep plantspesies is mindergewens en word as toenemers Ib of toenemers IIb beskryf. Die totaal van die groep word met 'n beladingsfaktor van vier vermenigvuldig vir veldtoestand.

Ongewenstes:

Hierdie groep plantspesies is ongewens en word as toenemers Ic of indringers beskryf. Die totaal van die groep word met 'n beladingsfaktor van een vermenigvuldig vir veldtoestand.

Die gegewens van die botaniese samestelling word in Tabel 2 weergegee.

Uit Tabel 2 kan gesien word dat die hooggewenste spesies 73% van die botaniese samestelling uitgemaak het, met die ongewenste spesies 1,5%. Die grootste bydrae wat 'n enkele spesie tot die samestelling gelewer het is *Digitaria seriata* (27%), gevolg deur *Themeda triandra* (25%). *Grewia flava* is die dominante struikgewas, terwyl *Tarchonanthus camphoratus* verspreid voorgekom het.

TABEL 2 Die botaniese samestelling van die veldverwysingspunt van Armoedsvlakte gedurende Mei 1977 (Fourie, 1983)

Hooggewenstes:	%
<i>Antheophora pubescens</i>	0,83
<i>Brachiaria nigropedata</i>	0,42
<i>Chrysopogon serrulatus</i>	10,12
<i>Digitaria seriata</i>	27,74
<i>Eustachys paspaloides</i>	0,42
<i>Panicum stapfianum</i>	1,53
<i>Schmidtia pappophoroides</i>	1,39
<i>Sporobolus fimbriatus</i>	5,13
<i>Themeda triandra</i>	25,52
Ander spesies	<u>0,14</u>
Subtotaal	73,24
Gewenstes:	
<i>Cymbopogon plurinodis</i>	7,48
<i>Eragrostis lehmanniana</i>	8,87
<i>Eragrostis superba</i>	2,07
<i>Fingerhuthia africana</i>	3,47
<i>Heteropogon contortus</i>	0,97
<i>Stipagrostis uniplumis</i>	1,25
Ander spesies	<u>0,14</u>
Subtotaal	24,25
Minder gewenstes:	
<i>Aristida meridionalis</i>	0,14
<i>Cynodon dactylon</i>	0,14
<i>Elionurus muticus</i>	0,14
<i>Eragrostis nindensis</i>	0,42
<i>Eragrostis pseudo-obtusa</i>	0,14
Ander spesies	<u>0,14</u>
Subtotaal	1,12
Ongewenstes:	
<i>Aristida congesta</i>	1,11
<i>Tragus racemosus</i>	0,14
Ander spesies	<u>0,14</u>
Subtotaal	1,39

3.4 Gronde

Die A-horison bestaan uit 'n bruin sanderige horison wat gemiddeld 280 mm diep is. Die samestelling is 9% klei, 1% slik, 69% fynsand en 21% growwe sand met 'n pH (water) van 6,6. Die B-horison is kalkrots. Die grondserie kan beskryf word as 'n tipiese Mispah grondserie (Fourie, 1983).

HOOFSTUK 4

ONDERSOEKPROSEDURE

4.1 Behandelings en proefmateriaal

Twee weidingstelsels naamlik wissel- en aanhoudende beweiding is toegepas. Daar is vier veeladings binne elke weidingstelsel, naamlik 'n ligte veelading van 10 ha/GVE, 'n medium veelading van 7 ha/GVE, 'n medium-swaar veelading van 5,5 ha/GVE en 'n swaar veelading van 4 ha/GVE. In die wisselweidingstelsel is daar ses kampe per veelading met 'n weiperiode van een week en vyf weke rus.

Daar word van 22 diere op die wisselweidingstelsel en 11 diere op die aanhoudende beweiding as datadiere gebruik gemaak wat ewekansig toegeken word. Van hierdie Bonsmara-tipe beeste is die helfte verse en die helfte tollies. Wanneer hulle in die proef geplaas word, is hulle ongeveer 12 maande oud. Die vereiste veelading word verkry deur beweiars (Tweejaar oud osse) by elke veelading by te voeg.

Die intree- en uittreedatums van ryp is as die begin en eindpunte van die winter- en somerseisoene geneem. Die winter is dus 'n periode van 113 dae (23 Mei - 13 September) en die somer 252 dae.

Die somer is verder in drie periodes verdeel naamlik: voorsomer, midsomer en nasomer waarvan elkeen 84 dae is.

Gedurende die voorsomer (13 September - 5 Desember) begin die aanvangsgroei van die weiding, terwyl die negromassa (dooie plantmateriaal) van die vorige seisoen 'n belangrike rol in die benutting speel. Die reënval begin dan toeneem (Tabel 1) en die nuwe plantegroei seisoen neem 'n aanvang.

Gedurende die midsomer (5 Desember - 27 Februarie) bereik die weiding die blomstadium met gepaardgaande hoë kwaliteit en hoë plantmateriaalproduksie. Die reënval is die betroubaarste en volgens Tabel 1 die hoogste in hierdie periode.

Gedurende die nasomer (27 Februarie - 13 Mei) bereik die weiding die saadryp stadium met gepaardgaande daling in kwaliteit terwyl daar nog hoë plantmateriaalproduksie is. Die reënval begin afneem, maar die verdamping is ook minder.

Bestuur en versorging van beeste was ooreenkomstig die praktyke wat op Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie toegepas word. Beeste word jaarliks teen lam-, spons-, milt-, drie-dae-stywesiekte, slenkalkoors en knoppiesvelsiekte ingeënt. Alle jong beeste is voor speen tweekeer teen galsiekte geënt. Kastrasie van bulkalwers het ook voor speen plaasgevind.

Weens die fosfaatgebrek in die weiding en die lae produksie en reproduksie asook 'n afwyking in vreetgewoontes (pika) van diere, word 'n fosfaatlek (100g/dier) beskikbaar gestel. Die fosfaatlek se samestelling is:

Dikalsiumfosfaat (16% P)	= 45%
Sout	= 45%
Kalorie 3 000 (bindmiddel)	= 10%

4.2 Uitleg van proefkampe

Die totale oppervlakte wat gebruik was om hierdie proef uit te voer beslaan 764 ha. Die uitleg van die kampe word in Figuur 1 voorgestel.

<u>Behandelings:</u>	<u>Wissel</u>	<u>Aanhoudend</u>
Lig	LW	LA
Medium	MW	MA
Medium-swaar	MSW	MSA
Swaar	SW	SA
		Blokke: 1 - 6




Fig 1 Uitleg van proefkampe by Armoedsvlakte

Die oppervlakte wat elke behandeling beslaan het, word in Tabel 3 weergegee.

TABEL 3 Die totale oppervlakte van elke behandeling in die onderskeie weidingstelsels

Behandeling:	Wisselweiding	Aanhoudende beweiding
Ligte veelading	172 ha	68 ha
Medium veelading	177 ha	59 ha
Medium-swaar veelading	86 ha	59 ha
Swaar veelading	92 ha	51 ha

Die wisselweiding bestaan uit ses kampe en die aanhoudende beweiding uit een kamp per veelading.

4.3 Klimaatstudies

Daaglikse klimaatgegevens is verkry van die weerstasie by Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie, wat teen die noordelike grens van die proefterrein geleë is. Volledige reënval-, temperatuur-, grondvog- en verdampinggegevens is versamel. Daar is ook twee outomatiese reënmeters (Thies No. 4015) op die westelike- en oostelike grense van die proefterrein waar reënval noteer is en met dié van die weerstasie vergelyk is.

4.4 Diereproduksie

4.4.1 Massabepaling van beeste

Die massa van die diere word bepaal met die aanvang van die proefseisoen (September) en aan die einde van elke klimaatseisoen naamlik: voorsomer (Desember), midsomer (Februarie), nasomer (Mei) en winter (September). Die diere is voor die massabepalings 15-18 uur van inname weerhou.

4.5 Plantproduksie

4.5.1 Basale plantbedekking

Die basale plantbedekking van die kampe is voor die aanvang van die proef met behulp van die wielpunttegniek van Tidmarsh & Havenga (1955) bepaal. Aan die kant van een wiel is twee addisionele punte (seilnaalde) aangebring. Hierdie punte vergemaklik die notering van treffers en die uitkenning van die plantspesies. Die punte is dunner wat die fout van notering verminder. Daar is 3 000 punte per kamp noteer met 'n totaal van 18 000 punte in die wisselweiding behandeling.

Die basale bedekking is met die DECORANA (Detrended correspondence analyses) (DCA) rekenaarprogram van Hill (1979) ontleed om die gradiënt te vind waarlangs die onderskeie behandelings beweeg het. Indien die "eigenvalue" (eie waarde), wat deur die program gegee word, groter is as 0,1 is die beweging op daardie as betekenisvol.

4.5.2 Botaniese samestelling en veldtoestand

Die botaniese samestelling en veldtoestand is vanaf die wielpuntopnames vir basale bedekking bepaal volgens die metode soos beskryf deur Fourie & Du Toit (1983). Die bydrae van elke plantspesie word beraam deur die genoteerde waarde van die plantspesie deur die totaal te deel en as 'n persentasie uit te druk. Die persentasie wat elke spesie-groep per belading verteenwoordig is met 'n bepaalde faktor, wat aan elke spesiegroep toegeken is, vermenigvuldig.

4.5.3 Beskikbare boggrondse fitomassa

Die beskikbare boggrondse fitomassa van die graskomponent is vier maal per jaar (drie maandeliks) bepaal deur 30 kwadrate van een vierkante meter elk te sny. Die beskikbare

boggrondse fitomassa is tot op 'n hoogte van 10 mm afgesny en in drie spesiegroepe verdeel naamlik: Hooggewenstes, gewenstes en ongewenstes. Die mindergewenste- en ongewenste spesiegroepe (p. 16) vorm saam die ongewenste groep.

4.6 Voedingswaarde van die weiding

4.6.1 Diergeselekteerde weiding

Deur van slukdermgefristuleerde diere gebruik te maak, word verteenwoordigende monsters van die dieet in alle behandelings verkry. Die gefistuleerde osse is 'n week voor monsterneming saam met die diere in die onderskeie behandelings geplaas as 'n aanpassingstydperk. Die bepaling en tegniek van monsterneming is toegepas soos beskryf deur Fourie (1983).

4.6.2 Chemiese ontledings

Die fistelmonsters is in die Diereproduksie laboratorium by Glen ontleed vir verteerbaarheid (*in vitro*) en ruproteïëinhoud. Die droë materiaal (DM), organiese materiaal (OM) en stikstof (N) van die fistelmonsters is volgens die metode soos in Horwitz (1970) beskryf ontleed. Die persentasie N is omgeskakel na ruproteïëinhoud deur die waarde uit die ontleding met 6,25 te vermenigvuldig. Ruproteïëinhoud word uitgedruk op 'n asvrye basis ($\% \text{ ruproteïëen} \times 100 / \% \text{ organiese materiaal}$).

Die *in vitro* verteerbaarheid van OM (IVDOM) van die fistelmonsters is volgens die twee-stadium ontledingstegniek wat deur Tilley & Terry (1963) ontwikkel is en deur Engels & Van der Merwe (1967) aangepas is, bepaal. Veteerbaarheid word voorspel met 'n regressie vergelyking (Engels, De Waal, Biel & Malan, 1981) van die verwantskap tussen die *in vitro* verteerbaarheid en die IVDOM van standaard monsters wat dieselfde behandel en ontleed is.

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN BESPREKING

5.1 Klimaat

5.1.1 Reënval

Die langtermyn gemiddelde maandelikse reënval van Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie vanaf 1940 tot 1988 (48 jaar), asook die reënval vir die proefperiode 1977 tot 1988 word in Tabel 4 weergegee.

TABEL 4 Gemiddelde langtermyn (1940-1988) en maandelikse reënval te Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie vir die proefperiode 1977 tot 1988

Maande	SA	Seisoene											
		1940-88	1977/78	1978/79	1979/80	1980/81	1981/82	1982/83	1983/84	1984/85	1985/86	1986/87	1987/88
Augustus	12.8	6	7	12	62	2	38	0	0	9	0	15	0
September	24.3	13	54	3	2	30	0	20	1	0	3	27	128
Oktober	25.1	32	28	33	56	1	35	65	32	42	56	108	20
November	37.9	48	128	16	54	112	54	31	46	28	25	168	27
Desember	44.3	65	16	34	40	54	63	36	134	39	63	15	99
Januarie	54.8	84	154	93	45	110	84	114	11	51	122	24	11
Februarie	56.6	81	67	57	104	89	42	8	7	120	30	78	318
Maart	50.1	74	152	10	60	55	76	53	89	42	31	35	148
April	36.1	46	79	21	15	52	89	3	14	5	12	2	89
Mei	24.5	16	0	10	0	1	1	26	37	1	0	0	5
Junie	14.7	9	3	4	0	13	2	19	22	0	7	0	2
Julie	10.0	4	0	0	1	0	18	10	1	0	0	3	0
Totaal	148	478	688	293	439	519	502	385	394	337	349	475	847
% van langtermyn		143,9%	61,3%	91,8%	108,6%	105,0%	80,5%	82,4%	70,5%	73,0%	99,4%	177,2%	

SA = Standaard afwyking.

Volgens Tabel 4 was daar vir die 11 jaar wat bespreek sal word slegs in 1977/78, 1980/81, 1981/82 en 1987/88 'n bogemiddelde reënval. Die reënval in die 1986/87 seisoen was 99% van die gemiddelde verwagte reënval. Die laagste reënval was in die 1978/79 seisoen met slegs 61,3 % van die gemiddeld reënval. Vanaf 1982/83 tot 1985/86 was die reënval laer as 400 mm. Indien die standaard afwyking (SA) by die langtermyn gemiddeld getel en afgetrek word, word die grense waartussen die reënval mag wissel beraam. Die totale

jaarlikse reënval van 1977/78 en 1987/88 (onderstreep) is hoër en 1978/79 (vet gedruk) laer as die langtermyn reënval.

Afgesien van die totale reënval, moet die verspreiding van goeie reënbuie ook ondersoek word. Volgens Tabel 4 is meer reënval noteer in die 1977/78 seisoen in September, November, Januarie en Maart; in die 1979/80 seisoen in Augustus; in die 1980/81 seisoen in November; in die 1981/82 seisoen in Augustus, April en Julie; in die 1982/83 seisoen in Oktober; in die 1983/84 seisoen in Desember; in die 1986/87 seisoen in Oktober en November en in die 1987/88 seisoen in September, Februarie, Maart en April wat hoër was as die langtermyn gemiddelde reënval plus die standaard afwyking. Volgens Tabel 4 is lae reënval noteer in die 1977/78 seisoen in Desember; in die 1978/79 seisoen in Maart; in die 1980/81 seisoen in Oktober; in die 1982/83 seisoen in Februarie en April; in die 1983/84 seisoen in Januarie en Februarie; in die 1984/85 seisoen in April; in die 1986/87 seisoen in Desember, Januarie en April en in die 1987/88 seisoen in Januarie wat laer was as die langtermyn gemiddelde reënval minus die standaard afwyking.

5.1.2 Grondwater

Volgens Fourie (1983) het die plante begin verwelk by 5 % grondwater. Die grondwater wat bokant die verwelkpunt is en dus plantegroei bevorder word bespreek. Die gegewens oor die grondwater in die boonste 400 mm van die grond vir elke proefseisoen word in Figure 2 tot 5 weergegee.

Volgens Figuur 2 was daar gedurende die 1981/82 seisoen in Augustus tot Oktober en in Maart tot Mei genoeg grondwater vir die plante om te groei. Gedurende die 1982/83 seisoen was die grondwater gedurende Oktober, Januarie en Maart nie beperkend vir die groei van plante nie.





Fig 2 Grondwater gedurende 1981/82 en 1982/83 seisoen





Fig 3 Grondwater gedurende 1983/84 en 1984/85 seisoen





Fig 4 Grondwater gedurende 1985/86 en 1986/87 seisoen




Fig 5 Grondwater gedurende 1987/88 seisoen

Figuur 3 bewys dat daar gedurende die 1983/84 seisoen gedurende Desember en vanaf einde Maart tot einde Junie ook nie beperkende grondwater vir die groei van plante was nie. Gedurende die 1984/85 seisoen was grondwater in Oktober en vanaf Januarie tot Maart nie beperkend vir die groei van plante nie.

Volgens Figuur 4 was grondwater gedurende die 1985/86 seisoen in Desember, einde van Januarie, begin van Februarie en in Maart nie beperkend vir die plante om te groei nie. Gedurende die 1986/87 seisoen was grondwater in September tot November en in Februarie nie beperkend vir die groei van plante nie.

Gedurende die 1987/88 seisoen (Figuur 5) was daar in September, Desember en vanaf Februarie tot Junie nie beperkende grondwater vir die groei van plante nie.

Die groeitoestande vir plantproduksie was meestal swak. Grondwater het meer 'n beperking op die plantegroei gehad as wat daar gunstige grondwatertoestande geheers het.

5.1.3 Temperatuur

Die langtermyn gemiddelde daaglikse maksimum- en minimum temperatuur by Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie vanaf 1940 tot 1988 (48 jaar), asook die gemiddelde daaglikse maksimum- en minimum temperatuur in elke maand vir die proefperiode 1981 tot 1988 word in Tabel 5 weergegee.

TABEL 5 Gemiddelde daaglikse maksimum en minimum temperatuur, in °C, vir elke maand by Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie oor die langtermyn (1940-1988) en vir die proefseisoene vanaf 1981 tot 1988

Maande	Standaard afwyking (SA)		Seisoene															
			1940-1988		1981-1982		1982-1983		1983-1984		1984-1985		1985-1986		1986-1987		1987-1988	
			Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min	Maks	Min
Augustus	3.9	4.1	22.9	2.5	19.7	2.6	24.0	2.5	21.9	2.0	24.0	3.7	24.5	4.0	23.5	4.5	21.9	2.1
September	4.3	4.4	26.7	7.0	24.8	5.2	28.5	10.3	28.7	8.1	27.9	7.9	26.9	8.9	25.8	8.6	23.3	9.2
Oktober	4.1	4.1	29.4	11.3	25.6	8.7	28.5	12.6	29.3	13.2	29.6	13.3	30.2	14.1	26.7	13.1	28.8	12.3
November	3.8	3.3	30.8	13.6	31.9	14.3	28.3	13.4	31.2	13.9	30.8	14.4	31.5	16.2	28.0	13.8	32.5	15.4
Desember	3.5	2.8	32.0	15.6	31.5	15.4	31.5	15.8	30.8	17.1	32.9	14.8	31.0	16.3	34.3	17.1	31.9	16.5
Januarie	3.8	2.6	32.2	16.7	34.0	16.2	33.6	19.4	34.4	16.9	33.3	18.8	32.9	17.2	34.5	16.7	34.5	17.8
Februarie	3.6	2.5	30.6	16.1	32.9	16.7	34.3	15.8	35.0	18.5	30.5	17.9	30.9	15.0	31.8	18.8	28.6	17.9
Maart	3.6	2.8	28.8	14.1	29.7	13.9	34.7	15.3	30.4	16.6	28.7	12.8	29.7	14.3	30.9	14.1	28.1	16.0
April	3.6	3.6	26.0	9.6	22.7	9.1	31.1	11.9	25.6	9.6	26.8	8.4	28.1	11.0	30.5	11.0	22.9	10.0
Mei	3.6	3.6	22.6	4.4	24.3	3.6	29.1	5.9	21.6	4.8	23.3	4.1	25.7	5.1	26.1	4.8	22.5	4.6
Junie	3.4	3.6	19.7	0.6	20.1	0.6	21.8	2.5	18.6	1.4	21.4	0.2	19.6	2.0	19.4	-0.2	18.0	-0.1
Julie	3.2	3.6	20.0	0.0	19.7	1.3	19.8	2.4	20.2	1.2	20.1	-0.8	20.2	0.6	19.3	-0.6	21.2	-1.5

Volgens Tabel 5 varieer die temperature binne die grense van die standaard afwyking (SA) vanaf die gemiddelde, behalwe in die 1982/83, 1983/84 en 1986/87 seisoene. In die 1982/83 seisoen was die maksimum temperatuur gedurende Februarie, Maart, April en Mei hoër as die langtermyn maksimum

temperatuur. Die minimum temperatuur vir Januarie was warmer as die langtermyn minimum temperatuur. Gedurende die 1983/84 seisoen was slegs die maksimum temperatuur in Februarie warmer as die langtermyn maksimum temperatuur. Gedurende die 1986/87 seisoen was die maksimum temperatuur in April warmer as die langtermyn maksimum temperatuur en die minimum temperatuur in Februarie was warmer as die langtermyn minimum temperatuur.

5.1.4 Verdamping

Die gemiddelde daaglikse verdamping, klas A-verdampingspan, vir elke maand gedurende die proefperiode vanaf 1981 tot 1988 word in Tabel 6 weergegee.

TABEL 6 Gemiddelde daaglikse verdamping, in mm/dag, vir elke maand by Armoedsvlakte Landbounavorsingstasie oor die langtermyn (1940-1988) en vir die proefseisoene vanaf 1981 tot 1988

Maande	SA	Seisoene							
		40-88	81/82	82/83	83/84	84/85	85/86	86/87	87/88
Augustus	1.9	5.4	3.9	4.0	4.4	4.1	7.3	6.4	4.6
September	2.8	7.6	5.2	6.0	6.3	6.3	9.3	7.6	4.9
Oktober	3.0	9.1	5.8	6.7	7.4	6.5	10.6	7.6	7.5
November	3.2	9.6	8.0	7.8	7.3	7.6	11.0	7.7	9.7
Desember	2.9	9.8	8.1	8.6	7.4	8.4	9.8	10.3	9.6
Januarie	3.3	9.2	8.8	7.7	8.6	7.8	10.3	10.3	9.8
Februarie	2.9	7.6	6.7	7.4	7.9	6.6	9.1	7.1	5.7
Maart	2.4	6.3	5.6	6.0	5.9	5.5	7.6	6.6	4.6
April	1.9	5.0	2.9	4.8	4.4	7.8	6.0	6.2	3.9
Mei	1.6	4.1	2.4	4.0	3.7	6.3	5.2	4.2	2.9
Junie	1.4	3.6	2.4	3.2	3.0	5.7	4.0	3.6	2.9
Julie	1.4	3.9	2.8	3.3	3.3	4.8	4.2	3.4	3.3

Volgens Tabel 6 wissel die verdamping binne die standaard afwyking vanaf die gemiddelde, behalwe in die 1981/82 en die 1984/85 seisoene. Gedurende die 1981/82 seisoen was die verdamping in April en Mei laer as die langtermyn verdamping. Volgens Tabel 4 het daar in Maart en April 1982 baie goeie reënbuie voorgekom wat tot hierdie lae verdamping

gelei het. Gedurende die 1984/85 seisoen was die verdamping vanaf April tot Junie hoër as die langtermyn verdamping. Hierdie hoë verdamping het tot November 1985 voortgeduur.

Daar was duidelike droë jare wat mekaar in die proefperiode opgevolg het. Die temperature was hoër maar nie een keer laer as die grense nie. In vergelyking met die verwagte langtermyn klimaat, was die klimaat in die proefperiode nie gunstig vir optimale plantproduksie nie.

5.2 Veelading

Die veelading wat in elke behandeling gedurende die proefseisoene, vanaf 1981 tot 1988 toegepas is, word in Tabel 7 aangetoon.

TABEL 7 Veelading, in ha/GVE, soos toegepas in 'n wisselende aanhoudende beweidingstelsel, by vier veeladings, vanaf 1981 tot 1988

Behandeling	Seisoene						Gemiddelde
	1981/82	1982/83	1984/85	1985/86	1986/87	1987/88	
Wisselweiding:							
Lig	7.82	9.58	7.55	9.76	7.28	7.03	8.17
Medium	6.34	7.30	5.79	7.86	6.17	6.06	6.59
Medium-swaar	4.41	5.75	4.53	6.21	4.69	4.42	5.00
Swaar	3.37	4.46	3.54	4.50	3.67	3.62	3.86
Aanhoudende beweiding:							
Lig	6.58	6.46	6.65	10.27	6.88	7.37	7.37
Medium	4.84	4.75	5.07	7.54	4.37	5.76	5.39
Medium-swaar	4.13	4.13	4.54	5.80	3.90	4.45	4.49
Swaar	2.88	3.33	3.23	4.28	3.40	3.67	3.47

Volgens Tabel 43 het die diere onder wisselweiding, in die somer by die ligte- en medium veeladings 'n laer massatoename per ha as die diere in die medium-swaar- en die swaar veeladings. Die medium-swaarveelading diere lewer 'n laer massatoename per ha as die diere in die swaar veelading. In die winter het die diere in die ligte veelading 'n groter massatoename per ha as die diere in die medium-swaar- en die swaar veeladings. Die diere in die swaar veelading toon 'n groter massaverlies per ha as die diere in die medium- en die medium-swaar veeladings. Oor die proefseisoen het die diere in die medium-swaar veelading 'n groter massatoename per ha as die diere in die ligte- en die medium veeladings. Die diere in die medium- en swaar veeladings lewer 'n laer massatoename per ha as dié diere onder aanhoudende beweidings.

Onder aanhoudende beweidings het die swaarveelading diere (Tabel 43) in die somer die grootste massatoename per ha.

In die winter toon die diere in die ligte veeladings 'n groter massatoename per ha as die diere in die medium-swaar- en swaar veeladings. Die diere in die medium- en die medium-swaar veelading lewer 'n kleiner massaverlies per ha as die diere in die swaar veelading.

Die gemiddelde seisoenale lewende massaproduksie per ha (kg/ha) van die beeste onder wissel- en aanhoudende beweiding, elk by vier veeladings, gedurende die 1987/88 proefseisoen word in Tabel 44 weergegee.

TABEL 44 Lewende massaproduksie per ha (kg/ha) van beeste onder wissel- en aanhoudende beweiding, elk by vier veeladings gedurende die 1987/88 seisoen

Behandeling	Seisoene					
	VS*	MS*	NS*	Somer	Winter	Jaar
WISSEL- WEIDING	kg/ha	kg/ha	kg/ha	kg/ha	kg/ha	kg/ha
Lig	8.37	11.90a	7.86a	28.13a	-1.47a	26.66a
Medium	7.57 b	13.05 b	9.82 b d	30.44 b	-1.42 b d	29.02 b d
Medium-swaar	11.76 bc	22.08ABc	8.45 c	42.29ABc	-6.69ABcd	35.60AB d
Swaar	6.70 C	27.42ABC	18.49ABCd	52.61ABCd	-20.59ABCd	32.02a
Gemiddeld	8.60	18.61	11.15	38.37	-7.54	30.82
AANHOUDENDE BEWEIDING						
Lig	7.49	14.07a	5.51	27.07a	-5.08a	21.99a
Medium	9.01	15.67 b	4.26 D	28.94 b	-7.04 b D	21.90 b d
Medium-swaar	12.52	19.49	10.30	42.31AB	-14.07AB D	28.24 d
Swaar	8.80	23.94AB	9.66 D	42.40AB D	-11.84Ab D	30.56ab
Gemiddeld	9.46	18.29	7.43	35.18	-9.51	25.67

VS* = Voorsomer (12-09-1987 - 8-12-1987) = 87 dae
 MS* = Midsomer (8-12-1987 - 1-03-1988) = 84 dae
 NS* = Nasomer (1-03-1988 - 24-05-1988) = 84 dae
 Somer = (12-09-1987 - 24-05-1988) = 255 dae
 Winter = (24-05-1988 - 15-09-1988) = 114 dae
 Jaar = (12-09-1987 - 15-09-1988) = 369 dae

Volgens Tabel 44 het die diere onder wisselweiding, in die somer by die ligte- en medium veeladings 'n laer massatoename per ha as die diere in die ander twee veeladings. Die swaarveelading diere toon 'n groter massatoename per ha as die diere in die medium-swaar veelading, asook die diere in die swaar veelading onder aanhoudende beweiding. In die winter lewer die diere in die ligte- en die medium veelading

'n kleiner massaverlies per ha as die dier in die ander twee veeladings. Die diere in die swaar veelading het 'n groter massaverlies per ha as die diere in die medium-swaar veeladings, asook die diere in die swaar veelading onder aanhoudende beweiding. Die diere in die medium-en die medium-swaar veelading lewer 'n laer massaverlies per ha as dié diere onder aanhoudende beweiding. Oor die proefseisoen het die ligte veelading diere 'n laer massatoename per ha as die medium-swaar- en die swaarveelading diere. Die diere in die medium-swaar veelading toon 'n groter massatoename per ha as die diere in die medium veelading. Die diere in die medium- en die medium-swaar veeladings het 'n groter massatoename per ha as dié diere onder aanhoudende beweiding.

Onder aanhoudende beweiding het die diere (Tabel 44) in die somer by die ligte- en medium veelading 'n laer massatoename per ha as die diere in die ander twee veeladings. In die winter toon die diere in die ligte- en medium veeladings 'n kleiner massaverlies per ha as die diere in die medium-swaar- en die swaar veeladings. Oor die proefseisoen lewer die swaarveelading diere 'n groter massatoename per ha as die ligte- en mediumveelading diere.

Die gemiddelde massatoename per ha, vir 'n jaar, oor die proefperiode word in Figuur 20 voorgestel.




Fig 20 Gemiddelde massatoename per ha, vir 'n jaar, oor die proefperiode

Die swaarveelading diere het die hoogste massatoename per ha onder beide weidingstelsels en die ligte veelading diere die laagste. Diereproduksie per dier-eenheid is die hoogste by 'n ligte veelading (Figure 18 en 19) en per oppervlakte-eenheid by 'n swaar veelading (Figuur 20). Die wisselweidingstelsel het 'n hoër diereproduksie by elke veelading as aanhoudende beweiding.

5.6 Verwantskappe van veelading met diereproduksie en plantproduksie

5.6.1 Verwantskap tussen veelading en diereproduksie

Die modelle van Jones & Sandland (1974) en Fourie (1983) is op die data getoets. Die regressievergelykings wat gekry is, is meestal tot die derde orde betekenisvol, maar dit is moeilik om te interpreteer.

Hierdie vergelykings verskil van die resultate wat deur Jones & Sandland (1974) en Fourie (1983) bevind is. Die vergelykings met veelading as ha/dier word in Tabelle 45 en 46 weergegee.

TABEL 45 Verwantskappe tussen diereproduksie en veelading (ha/dier) onder wisselweiding

Jare	kg/dier	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	111.15+ 5.37x	85.2	0.0017	167.82-82.87x+17.45x ² -1.27x ³	100.0	0.0131
1982/83	-570.67+375.86x- 66.66x ² +3.89x ³	100.0	0.0004	-115.68+92.03x-17.85x ² +1.06x ³	100.0	0.0002
1984/85	308.79-183.54x+ 56.38x ² -4.83x ³	100.0	0.0273	-156.41-78.91x+81.20x ² -1.42x ³	100.0	0.0134
1986/87	-519.71+440.00x-101.62x ² +7.91x ³	100.0	0.0009	- 91.23+95.78x-23.72x ² +1.85x ³	100.0	0.0030
1987/88	-436.71+370.34x- 80.73x ² +5.93x ³	100.0	0.0158	- 80.55+89.65x-21.82x ² +1.64x ³	100.0	0.0105

TABEL 46 Verwantskappe tussen diereproduksie en veelading (ha/dier) onder aanhoudende beweiding

Jare	kg/dier	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	94.92+ 6.96x	65.8	0.0030	54.36- 5.37x	96.6	0.0000
1982/83	-191.99+122.30x- 10.53x ²	98.0	0.0000	-21.45+24.05x-2.65x ²	97.3	0.0000
1984/85	-589.69+555.29x-131.95x ² + 10.15x ³	100.0	0.0420	63.92- 5.31x	93.6	0.0000
1986/87	21.80+ 26.75x	98.9	0.0000	39.60- 1.59x	92.2	0.0143
1987/88	39.70+ 14.97x	93.1	0.0000	36.58- 2.60x	78.6	0.0001

Die verwantskap tussen diereproduksie en veelading as dier per ha word in Tabelle 47 en 48 weergegee.

TABEL 47 Verwantskappe tussen diereproduksie en veelading (dier/ha) onder wisselweiding

Jare	kg/dier	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	156.31- 84.48x	92.0	0.0011	6.98+ 107.40x	98.4	0.0000
1982/83	562.70-5641.30x+24265.61x ² -35190.0x ³	100.0	0.0050	68.95- 842.00x+4746.94x ² -7681.0x ³	100.0	0.0187
1984/85	- 81.43+3644.35x-15036.50x ² +18040.0x ³	100.0	0.0031	-83.52+1274.23x-4297.48x ² +4871.0x ³	100.0	0.0061
1986/87	1000.08-9576.73x+34216.13x ² -40390.0x ³	100.0	0.0009	149.88-1546.71x+6185.30x ² -7720.0x ³	100.0	0.0143
1987/88	209.89-322.20x	97.3	0.0000	-10.25+ 291.36x- 466.30x ²	93.2	0.0001

TABEL 48 Verwantskappe van diereproduksie met veelading as dier/ha onder aanhoudende beweiding

Jare	kg/dier	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	157.72- 129.00x	81.2	0.0032	8.88+ 87.98x	93.1	0.0000
1982/83	-492.90+8652.23x-35613.59x ² +43860.00x ³	100.0	0.0143	-7.09+304.52x-589.10x ²	83.0	0.0003
1984/85	238.40- 275.80x	93.6	0.0000	22.25+ 75.34x	90.4	0.0000
1986/87	343.75-1208.34x+ 1419.00x ²	99.7	0.0158	Geen verband		
1987/88	161.78-225.10x	81.5	0.0000	14.03+44.17x	87.7	0.0000

Om effek van verskillende veeladings uit te skakel by diereproduksie per dier en 'n norm wat op verskillende diersoorte toegepas kan word, is die verwantskap tussen diereproduksie per GVE en veelading as ha per GVE bepaal. Die verskillende verwantskappe word in Tabelle 49 en 50 weergegee.

TABEL 49 Verwantskappe tussen diereproduksie en veelading (ha/GVE) onder wisselweiding

Jare	kg/GVE	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	Geen verband			228.84-100.07x+17.29x ² -1.01x ³	100.0	0.0001
1982/83	-1733.07+785.84x-106.04x ² + 4.72x ³	100.0	0.0004	-294.25+145.93x-20.89x ² +0.95x ³	100.0	0.0004
1984/85	622.08-349.63x+ 85.47x ² - 6.25x ³	100.0	0.0402	202.53- 96.04x+19.34x ² -1.32x ³	100.0	0.0291
1986/87	-1614.88+997.27x-184.07x ² +11.27x ³	100.0	0.0000	-191.88+132.87x-25.53x ² +1.58x ³	100.0	0.0030
1987/88	-1254.53+779.76x-139.74x ² + 8.32x ³	100.0	0.0029	-160.37+113.43x-21.19x ² +1.26x ³	100.0	0.0229

TABEL 50 Verwantskappe tussen diereproduksie en veelading (ha/GVE) onder aanhoudende beweiding

Jare	kg/GVE	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	Geen verband			54.88-5.14x	95.1	0.0000
1982/83	-411.17+213.06x-18.74x ²	97.4	0.0000	-59.64+37.94x-3.86x ²	97.9	0.0000
1984/85	122.08+15.00x	77.2	0.0003	70.58-6.75x	94.5	0.0000
1986/87	34.14+29.49x	99.6	0.0000	36.76-1.56x	80.7	0.0218
1987/88	66.60+15.88x	89.1	0.0000	38.97-2.51x	82.8	0.0001

Die standaardfout en koëffisiënt van variasie vir die ontledings van diereproduksie is in Bylaag 10. Indien die verwantskap oor jare bepaal word, wat nie so korrek is as

om dit vir elke jaar te beraam nie, kan die verwantskap tussen diereproduksie en veelading soos in Figuur 21 voorgestel word.





Fig 21 Verwantskap tussen diereproduksie en veelading (ha/GVE) oor die proefperiode

Die model van Fourie (1983) is in Figuur 21 gebruik. Die wiskundige optimum onder die wisselweiding was 6,47 ha/GVE (Formule vir beraming = $-c/3d$) en onder die aanhoudende beweiding was dit 7,7 ha/GVE (Formule vir beraming = $-b/2c$). Die veelading toegepas onder die aanhoudende beweiding was oor die hele proefperiode swaarder as onder die wisselweiding behandeling. Veldtoestand het by hierdie veeladings alreeds agteruitgegaan en daar sal na ander insette vir die bepaling van die optimum weidingkapasiteit gekyk moet word, byvoorbeeld bogrondse fitomassa en die ekonomie van die verskillende behandelings.

5.6.2 Verwantskap tussen beskikbare bogrondse fitomassa en veelading

Fourie (1983) bevind 'n lineêre verwantskap tussen beskikbare bogrondse fitomassa en veelading (diere/ha en ha/dier). Die verwantskappe tussen die beskikbare bogrondse fitomassa en veelading (ha/GVE) onder wissel- en aanhoudende beweiding word in Figure 22 tot 25 geïllustreer.

Die beskikbare bogrondse fitomassa in al vyf die proefseisoene, onder wisselweiding, toon 'n kwadratiese verwantskap met veelading (ha/GVE). 'n Baie sterk lineêre komponent is in die kwadratiese regressie teenwoordig. In slegs twee van die vyf proefseisoene, naamlik in 1984/85 en 1986/87, kon 'n optimum bereken word. Hierdie optimum veeladings was onderskeidelik 10,35 ha/GVE en 9,49 ha/GVE.




Fig 22 Verwantskap tussen beschikbare fitomassa en veelading (ha/GVE) onder wisselweiding




Fig 23 Verwantskap tussen beskikbare fitomassa en veelading (ha/GVE) onder wisselweiding

Uit Figure 24 en 25 kan gesien word dat die beskikbare bogrondse fitomassa, onder aanhoudende beweiding, in al vyf die proefseisoene 'n kwadratiese verwantskap met veelading (ha/GVE) het. Die veelading vir maksimum beskikbare fitomassa, in die vyf proefseisoene, kan dus beraam word. In 1981/82 was die optimum veelading 8 ha/GVE, in 1982/83 14,61 ha/GVE, in 1984/85 6,95 ha/GVE, in 1986/87 6,63 ha/GVE en in 1987/88 11,75 ha/GVE. Die gemiddelde optimum veelading volgens die beskikbare fitomassa produksie was 9,59 ha/GVE, onder aanhoudende beweiding, teenoor 9,92 ha/GVE, onder wisselweiding.




Fig 24 Verwantskap tussen beschikbare fitomassa en veelading (ha/GVE) onder aanhoudende beweiding




Fig 25 Verwantskap tussen beskikbare fitomassa en veelading (ha/GVE) onder aanhoudende beweiding

Die beraamde optimum toon dat die beskikbare bogrondse fitomassa nie onbeperk sal toeneem by ligter veeladings soos met 'n lineêre verwantskap nie. Indien ligter of swaarder veeladings toegepas word sal dit 'n verlaging in beskikbare fitomassa veroorsaak.

5.6.3 Verwantskap tussen beskikbare bogrondse fitomassa en diereproduksie

Na aanleiding van 'n gesprek met Dr Raymond Jones van Australië is die verwantskap tussen die beskikbare bogrondse fitomassa en diereproduksie ondersoek. In Tabel 51 word die verskillende vergelykings van die verwantskappe weergegee.

TABEL 51 Verwantskappe tussen beskikbare bogrondse fitomassa en diereproduksie onder wissel - en aanhoudende beweiding

Jare	kg/GVE	Waardes		kg/ha	Waardes	
		R ²	P		R ²	P
1981/82	Wisselweiding: Geen verband			Wisselweiding: 134.28-0.51x+0.00084x ² -4.9 ⁻⁷ x ³	100.0	0.0422
1982/83	-62.795+3.971x-0.0187x ² +2.707 ⁻⁵ x ³	100.0	0.0000	14.87+0.44x-0.00238x ² +3.47 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0004
1984/85	-433.44+7.3156x-0.026x ² +2.843 ⁻⁵ x ³	100.0	0.0000	170.47-1.61x+0.0054x ² -5.64 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0000
1986/87	-198.497+3.401x-0.01011x ² +9.7 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0000	-4.9+0.415x-0.0013x ² +1.166 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0030
1987/88	-350.79+2.844x-0.0049x ² +2.803 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0010	-25.5+0.38x-0.00073x ² +4.19 ⁻⁷ x ³	100.0	0.0101
1981/82	Aanhoudende beweiding: 141.5399 + 0.06772x	82.2	0.0040	Aanhoudende beweiding: -227.2+2.15x-0.0049x ² +3.26 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0057
1982/83	-43.473+4.925x-0.0281x ² +4.966 ⁻⁵ x ³	100.0	0.0126	14.77+0.385x-0.001235x ²	98.1	0.0000
1984/85	136.7193 + 0.09379x	93.3	0.0001	3289.7-37.14x+0.12x ² -1.128 ⁻⁴ x ³	100.0	0.0000
1986/87	-61.68+2.1982x-0.0064x ² +5.645 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0003	Geen verband		
1987/88	115.2019 + 0.1111x	90.9	0.0000	394.9-2.483x+0.005x ² -3.092 ⁻⁶ x ³	100.0	0.0038

Die verwantskappe onder wissel- en aanhoudende beweiding word in Figure 26 tot 29 voorgestel.




Fig 26 Verwantskap van beskikbare fitomassa met diereproduksie onder wisselweiding




Fig 27 Verwantskap van beskikbare fitomassa met diereproduksie onder wisselweiding

Die verwantskap tussen beskikbare bgrondse fitomassa en diereproduksie (kg/GVE) onder wisselweiding (Figure 26 en 27) was kubies vir die vier proefseisoene. In die 1981/82 proefseisoen was daar geen verwantskap nie. 'n Optimum kon nie uit hierdie verwantskappe bereken word nie.

Die verwantskappe tussen beskikbare bgrondse fitomassa en diereproduksie (kg/GVE) onder aanhoudende beweiding (Figure 28 en 29) was vir drie van die vyf proefseisoene betekenisvol lineêr, maar die R^2 - waardes was laag. In die ander twee proefseisoene was die verwantskap kubies. 'n Optimum kon nie onder aanhoudende beweiding bereken word nie.




Fig 28 Verwantskap van beskikbare fitomassa met dierereproduksie onder aanhoudende beweiding





Fig 29 Verwantskap tussen beskibare fitomassa en diereproduksie onder aanhoudende beweiding

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die twee biologiese komponente, naamlik die plante en diere, albei kan kompenseer vir verskillende omstandighede waaronder hulle geplaas word. Bosmateriaal het 'n groot invloed op diereproduksie, veral onder 'n swaar behandeling gedurende die winter- en vroeë lente.

5.6.4 Biomassa van die plante tot die biomassa van die diere

Inname studies sowel as die bepaling van die persentasie materiaal wat deur die diere tussen snydatums verwyder word, is nie gedoen nie. Gevolglik is die gemiddelde beskikbare bopgrondse fitomassa van April (einde van groeiseisoen) geneem en deur 10,95 (hoeveelheid hooi benodig om 1 kg lewende massa vir 365 dae te onderhou) gedeel soos deur Van Wyk (1988) voorgestel om die benutbare biomassa per ha van die plantegroei te bepaal. Die gemiddelde biomassa per ha van die plante en die gemiddelde biomassa van die diere per ha onder beide weidingstelsels word in Figuur 30 voorgestel.

Wisselweiding



Aanhoudende beweiding




Fig 30 Biomassa van plante en biomassa van diere tot veelading (ha/GVE) toegepas

Volgens Figuur 30 is die ewewig tussen die produksie van die plante en die diere 7,9 ha/GVE onder die wisselweiding en 7,2 ha/GVE onder aanhoudende beweiding. Die veelading van die aanhoudende beweiding was regdeur die proefperiode swaarder as die van die wisselweiding behandeling. Hierdie beraming van die optimum veelading stem ooreen met die beraming van die optimum veelading volgens die verwantskap tussen diereproduksie en veelading.

5.6.5 Ekonomie van die verskillende behandelings

Die gemiddelde inkomste en veranderlike kostes van die verskillende behandelings is m.b.v. COMBUD (Anoniem, 1989b) beraam. Die gegewens van die ekonomie van die diereproduksie word in Tabel 52 weergegee.

TABEL 52 Diereproduksie in terme van inkomste in die verskillende behandelings

Behandeling	Massatoename per ha	Vleis prys R/kg	R/ha			R/dier			Gemiddeld marge (R/ha + R/dier)/2	R/GVE		Gemiddelde marge (R/ha + R/GVE)/2
			Inkomste R/ha	Ver. koste	Bruto marge	Inkomste R/dier	Ver. koste	Bruto marge		Inkomste R/GVE	Bruto marge	
Wissel:												
Lig	52.95	R2.40	R127.08	R15.76	R111.32	R205.67	R99.93	R705.74	R402.53	R 997.83	R274.08	R 492.70
Medium	65.98	R2.40	R152.35	R20.25	R132.10	R781.39	R99.93	R581.46	R409.78	R 002.68	R274.46	R 505.28
M-S	87.89	R2.40	R210.94	R27.82	R183.12	R757.75	R99.93	R557.82	R420.47	R 004.06	R271.63	R 527.38
Swaar	112.37	R2.40	R269.69	R38.07	R231.62	R707.88	R99.93	R607.95	R419.79	R 005.94	R263.94	R 547.78
Aanhoud:												
Lig	54.40	R2.40	R130.56	R16.17	R114.39	R207.10	R99.93	R707.17	R410.78	R 226.24	R776.48	R 445.44
Medium	73.50	R2.40	R176.40	R22.02	R154.32	R792.50	R99.93	R592.57	R426.44	R 874.59	R765.12	R 459.72
M-S	88.30	R2.40	R211.92	R26.97	R184.95	R785.25	R99.93	R585.32	R435.13	R 896.42	R782.34	R 483.65
Swaar	115.07	R2.40	R276.17	R38.66	R237.51	R713.94	R99.93	R514.01	R425.76	R 911.91	R784.25	R 510.88

Inkomste uit diereproduksie is beraam as R2,40 per kilogram lewendemassa toename om die tendens te kan waarneem. Die diere is nie geslag nie, met die gevolg dat daar nie 'n gradering vir die onderskeie behandelings is nie. In Tabel 52 is dus aanvaar dat al die behandelings dieselfde gradering behaal het. Volgens Fourie (1983) neem die gradering egter af soos die veelading toeneem. Daar kan dus verwag word dat daar 'n afname in geldwaarde per kg lewende massa kan voorkom soos veelading toeneem. Pryse van

R2,40 vir die ligte behandeling, R2,30 vir die medium behandeling, R2,20 vir die medium-swaar behandeling en R2,00 vir die swaar behandeling is geneem dieselfde berekeninge is gedoen. Die resultate word in Tabel 53 weergegee.

TABEL 53 Inkomste uit diereproduksie met die verskillende behandelings

Behandeling	Massatoename per ha	Vleis prys R/kg	R/ha			R/dier			Gemiddeld marge (R/ha + R/dier)/2	R/GVE		Gemiddelde marge (R/ha + R/GVE)/2
			Inkomste R/ha	Ver. koste	Bruto marge	Inkomste R/dier	Ver. koste	Bruto marge		Inkomste R/GVE	Bruto marge	
Wissel:												
Lig	52.95	R2.40	R127.08	R15.76	R111.32	R805.67	R99.93	R705.74	R408.53	R 997.83	R874.08	R 492.70
Medium	65.98	R2.30	R151.75	R20.25	R131.50	R748.83	R99.93	R648.90	R390.20	R 960.91	R832.68	R 482.10
M-S	87.89	R2.20	R193.36	R27.82	R165.54	R694.60	R99.93	R594.67	R380.11	R 920.38	R787.96	R 476.75
Swaar	112.37	R2.00	R224.74	R38.07	R186.67	R589.90	R99.93	R489.97	R338.32	R 838.28	R696.28	R 441.48
Aanhou:												
Lig	54.40	R2.40	R130.56	R16.17	R114.39	R807.10	R99.93	R707.17	R410.78	R 886.24	R776.48	R 445.44
Medium	73.50	R2.30	R169.05	R22.08	R146.97	R765.23	R99.93	R665.30	R406.13	R 838.15	R728.68	R 437.83
M-S	88.30	R2.20	R194.26	R26.97	R167.29	R719.81	R99.93	R619.88	R393.58	R 821.72	R707.64	R 437.47
Swaar	115.07	R2.00	R230.14	R38.66	R191.48	R594.95	R99.93	R495.02	R343.25	R 759.92	R632.27	R 411.88

Uit Tabel 53 is dit duidelik dat met die klein verskil in die pryse, daar onmiddellik 'n verandering in die gemiddelde bruto marge was. Die ligte behandeling lewer die hoogste bruto marge teenoor die medium-swaar behandeling in Tabel 52. Die ekonomiese ontledings bevestig die optimum veelading wat met die biomassa en die diereproduksie beraam is.

HOOFSTUK 6

ALGEMENE BESPREKING EN GEVOLGTREKKING

6.1 Die invloed van veelading en weidingstelsels op basale bedekking, botaniese samestelling en beskikbare bogrondse fitomassa

Die basale bedekking van die onderskeie behandelings het na een jaar van beweiding, in al die kampe, afgeneem. Die effek van die veelading was ook baie duidelik deurdat die basale bedekking afgeneem het vanaf die ligte veelading na die swaar veelading onder beide weidingstelsels. Die effek van veelading op basale bedekking is baie afhanklik van reënval in elke behandeling oor die proefperiode.

Die invloed van veelading op die botaniese samestelling was van 'n meer permanente aard as op die basale bedekking. Die botaniese samestelling, asook die veldtoestand, kon nie onder enige behandeling gehandhaaf word nie. Onder al die behandelings het die hooggewenste spesies afgeneem en die ander spesiegroepe het toegeneem. Onder die swaar behandelings het die ongewenste spesies die meeste toegeneem.

Die ordening van die basale bedekking en die botaniese samestelling toon gradiënte waarteen die behandelings oor die proefperiode beweeg het. Die ordening word op twee insette verander naamlik die verhoging in voorkoms van 'n spesie en die byvoeging of verwydering van 'n spesie. Dit verklaar waarom 'n gradiënt nog kan toeneem al het die basale bedekking of veldtoestand verswak. Die beste is om die ontleding met sleutelspesies wat in al die opnames voorkom uit te voer. Die effek wat dan in die gradiënt verandering weerspieël word sal slegs die verandering in basale bedekking of veldtoestand wees.

Die invloed van die verskillende veeladings op die beskikbare bogrondse fitomassa is ook baie afhanklik van die reënval deur die proefseisoen. Daar was 'n konstante afname in beskikbare bogrondse fitomassa oor die proefperiode met 'n toename aan die einde. Die beskikbare bogrondse fitomassa was kwadraties verwant met veelading, waarin 'n baie sterk lineêre faktor teenwoordig was. Dit beteken dat soos die veelading swaarder word sal daar minder fitomassa vir die diere beskikbaar wees. Die fitomassa neem egter nie onbepaald toe onder 'n al hoe ligter veelading nie (voorspel met 'n lineêre vergelyking Fourie, 1983), maar draaipunte is bereik wat 'n afplattung weerspieël. Onder wisselweiding het dit by 9,92 ha/GVE, en onder aanhoudende beweiding by 9,59 ha/GVE voorgekom. Die toepassing van 'n veelading ligter as hierdie draaipunte sal die beskikbare bogrondse fitomassa oor die langtermyn (10 jaar) nie meer verhoog nie.

Die beskikbare bogrondse fitomassa van die hooggewenste spesies het 'n groter daling getoon oor die proefperiode soos die veelading toegeneem het. Onder aanhoudende beweiding het die fitomassaproduksie baie gouer gedaal. Die fitomassa van die gewenste spesies het toegeneem oor die laaste drie proefseisoene. Die ongewenste spesies se fitomassa produksie het onder aanhoudende beweiding meer toegeneem as onder wisselweiding.

Die verwantskap tussen diereproduksie en beskikbare fitomassa spreek die probleem van twee biologiese komponente aan. Die diere en plante kan hulle aanpas by verskillende omstandighede. Diereproduksie (kg/GVE en kg/ha) was tot die derde orde betekenisvol onder wisselweiding. Onder aanhoudende beweiding was kg/GVE twee uit die vyf proefseisoene kubies en die res lineêr. Diereproduksie in kg/ha was onder beide weidingstelsels kubies.

'n Verhoging in veelading het 'n verlaging in basale bedekking, beskikbare bogrondse fitomassa en 'n verswakking

in botaniese samestelling tot gevolg. Aanhoudende beweiding het 'n groter nadelige invloed op plantproduksie as wisselweiding tot gevolg.

6.2 Die invloed van veelading en weidingstelsels op die ruproteïen en verteerbaarheid van diergeselekteerde weiding

Die diere onder aanhoudende beweiding het plantmateriaal met 'n hoër ruproteïen- en laer VOM-inhoud as die diere onder wisselweiding geselekteer. Die periode van hoogste konsentrasie van voedingstowwe verskil tussen behandelings in die onderskeie weidingstelsels, wat aantoon dat die diere in sekere seisoene bosagtige materiaal moes benut om aan hul behoeftes te voldoen. Soos die veelading toeneem selekteer die diere plantmateriaal met 'n hoër ruproteïen- en laer VOM-inhoud omdat hulle bosmateriaal benut teenoor gras-materiaal wat in die ligter veeladings benut word.

6.3 Die invloed van veelading en weidingstelsels op diereproduksie

Toenemende veeladings het 'n betekenisvolle verlaging in diereproduksie per dier tot gevolg gehad. Daar was nie betekenisvolle verskille tussen die verskillende weidingstelsels nie. Diereproduksie per GVE neem af soos die veelading vanaf lig na swaar toeneem. Die wisselweidingstelsel lewer 'n hoër diereproduksie per GVE as die aanhoudende beweidingstelsel. Die verwantskap tussen kg/GVE en veelading (ha/GVE) is kubies van aard onder wisselweiding en kwadraties onder aanhoudende beweiding. Diereproduksie per ha neem toe soos die veelading toeneem van die ligte na die swaar behandeling onder beide weidingstelsels. Daar was nie betekenisvolle verskille tussen die onderskeie weidingstelsels nie. Die verwantskap tussen diereproduksie (kg/ha) en veelading (ha/GVE) is lineêr.

Toenemende veeladings het 'n verlaging in diereproduksie per dier en per GVE tot gevolg. Onder ligte veeladings word die hoogste diereproduksie per diere-eenheid (dier en GVE) geproduseer. Die teenoorgestelde vind by diereproduksie per ha plaas. Die hoogste produksie per ha is by die swaar behandeling verkry, maar die kwaliteit van produksie is baie laer as wat dit onder die ligte behandelings is.

6.4 Vasstelling van die optimum weidingkapasiteit

Om die langtermyn optimum weidingkapasiteit te bereken moet die spesifieke veelading onder andere aan die volgende twee vereistes voldoen, naamlik:

1. Die aanvanklike veldtoestand moet gehandhaaf word.
2. Diereproduksie moet ekonomies wees.

Volgens die model van Fourie (1983) lewer 9 ha/GVE die hoogste diereproduksie. Volgens die beskikbare bogrondse fitomassa is dit nie sinvol om 'n veelading van ligter as 9,59 ha/GVE toe te pas nie. By 'n veelading van 7,9 ha/GVE is die ewewig (Figuur 30) tussen biomassa beskikbaar per ha van die plante en dié van biomassa per ha van die diere. Die mees ekonomiese veelading, volgens die model van Fourie (1983), was onder die ligte veelading van 8 ha/GVE. Met die eersgenoemde vereiste wat gestel is kan daar nie uit hierdie gegewens 'n langtermyn weidingkapasiteit op hierdie stadium vasgestel word nie. Die verandering in veldtoestand en botaniese samestelling na die goeie reënseisoen, wat die droë periode opgevolg het moet eers gemonitor word. 'n Veelading van 8 ha/GVE, met die norm van 'n GVE soos deur Meissner et al. (1983) voorgestel, kan aanbeveel word as die optimum weidingkapasiteit.

HOOFSTUK 7

TEKORTKOMINGS

Die volgende tekortkomings kan uit hierdie studie geïdentifiseer word en vereis verdere navorsing:

- 1 Om die weidingkapasiteit van 'n gebied te kan kwantifiseer sal 'n baie lang studie verg. Hierdie studie van 11 jaar was nog te kort en dit sal moet voortgaan as gevolg van die wisseling in reënval. Hoe meer wisselvallig die reënval is, hoe langer sal die studie moet duur.
- 2 Die diere moet reprodukerende diere wees wat in produksiestelsels bestuur word. Geboortemassa, speenmassa, kalf- en speenpersentasie en fekunditeit moet bepaal word. Hierdie gegewens is deurslaggewend wat diereproduksie betref vir die gebruik in wiskundige modelle. Droë diere kan die nadelige effekte van veeladings verskans in hul groei weens laer behoeftes as reprodukerende diere. Reprodukerende diere dra die nadelige effekte oor na hul nageslag wat belangrik is vir modelering.
- 3 'n Deel van die proefdiere moet bemark word om die karkasproduksie en gradering te verkry. Hierdie gegewens is essensieel vir die ekonomiese ontledings van die onderskeie behandelings.
- 4 Opnames van die bosspesies en die bydrae daarvan tot die diere se dieet sal bepaal moet word.
- 5 Verandering in botaniese samestelling moet ook op die naaste-plantmetode jaarliks bepaal word. Vaste lyntransektepersele, wat verteenwoordigend is, kan gebruik word.

HOOFSTUK 8

OPSOMMING

- 1 Daar is van agt behandelings, vier veeladings elk onder wissel- en aanhoudende beweiding, met jong groeiende beeste gebruik gemaak om die weidingkapasiteit van Armoedsvlakte te beraam. Die beeste is jaarliks (September) met jong beeste vervang.
- 2 Die beeste se massa is vyf keer in 'n jaar bepaal om diereproduksie per dier, per GVE en per ha te beraam.
- 3 Plantproduksie is bepaal deur vier keer per jaar kwadrate te knip vir die beraming van beskikbare bogrondse fitomassa.
- 4 Die verandering in basale bedekking en botaniese samestelling is met 'n wielpuntapparaat elke drie jaar bepaal.
- 5 Aanhoudende beweiding was meer nadelig vir die botaniese samestelling en diereproduksie as wisselweiding. Aanhoudende swaar beweiding was die meeste nadelig vir plantproduksie, veral die botaniese samestelling- en relatiewe veldtoestandsverandering. Die ligte veelading (8 ha/GVE), onder wisselweiding, het die minste skadelike effek op die plantegroei en diereproduksie gehad.
- 6 'n Dieet met 'n hoër ruproteïen en laer verteerbare organiese materiaal inhoud word deur die diere onder aanhoudende beweiding geselekteer teenoor die diere onder wisselweiding. Onder aanhoudende beweiding selekteer die diere later in die groeiseisoen (Febr.- Mrt.) 'n dieet met 'n hoër ruproteïen as die diere onder wisselweiding (Okt.- Nov.). Ruproteïen neem toe en verteerbare organiese materiaal daal in die dieet soos die veelading van lig na swaar toeneem.

- 7 Die verwantskap tussen veelading (ha/GVE) en diereproduksie was kubies vir kg/GVE ($R^2=1$) en lineêr vir kg/ha ($R^2=0,97$) onder wisselweiding, terwyl dit onderskeidelik kwadratiese ($R^2=0,99$) en lineêr ($R^2=0,87$) onder aanhoudende beweiding was. Die verwantskap tussen veelading (ha/dier en dier/ha) en diereproduksie (kg/dier en kg/ha) het nie aan die verwantskappe volgens Jones & Sandland (1974) en Fourie (1983) beskryf voldoen nie. Verwantskappe was tot die derde orde betekenisvol vir kg/dier.
- 8 Die verwantskap tussen veelading (ha/GVE) en beskikbare bogrondse fitomassa (kg/ha) was kwadratiese ($R^2 = 0,77 - 1$) onder al die behandelings. Beskikbare bogrondse fitomassa neem nie reglynig toe soos die veelading van swaar na lig verander nie. Beskikbare bogrondse fitomassa het nie meer toegeneem soos die veelading ligter geword het nie. Hierdie afname in beskikbare bogrondse fitomassa onder 'n ligte veelading kom meer onder aanhoudende beweiding as onder wisselweiding voor.
- 9 Die optimum veelading oor die proefperiode volgens diereproduksie is 6,5 ha/GVE (Wisselweiding) en 7,7 ha/GVE (Aanhoudende beweiding). By 'n veelading van 7,9 ha/GVE (Wisselweiding) en 7,2 ha/GVE (Aanhoudende beweiding) was daar 'n ewewig tussen die biomassa van die plante en biomassa van die diere per ha. Die mees ekonomiese veelading was 8,17 ha/GVE (Wisselweiding) en 7,37 ha/GVE (Aanhoudende beweiding). Veldtoestand kon egter onder geen behandeling gehandhaaf word nie. Die weidingkapasiteit wat dus aanbeveel word is 8 ha/GVE met die norm vir 'n GVE as 'n 450 kg bees wat 500 g per dag groei.

HOOFSTUK 9

ABSTRACT

Grazing capacity trials were conducted at Armoedsvlakte Research farm, near Vryburg in the Northern Cape, from September 1977 to September 1988. The experimental animals were young, growing, Bonsmara-type steers and heifers. There were eight treatments: four stocking rates (light, medium, medium-heavy and heavy), each applied within a continuous or rotational grazing system. The animals were replaced annually at the beginning of September. Live mass of the animals was recorded five times per year, to calculate the production, which was expressed per animal, per livestock unit (LSU) and per ha. To estimate above-ground phytomass, plant production was measured by hand-clipping quadrats four times per year. Changes in basal cover and botanical composition were monitored every three years, using a wheelpoint.

Continuous grazing had a more severe effect on both the botanical composition and animal production, than rotational grazing. The light, rotational grazing treatment proved the most advantageous for animal and plant production.

Animals in the continuous grazing treatments selected a diet with a higher crude protein content, yet lower in digestible organic matter than those animals in the rotational grazing. Under continuous grazing, the crude protein content of the diet selected was higher later in the season (February-March) than under rotational grazing (October-November). Increasing the stocking rate resulted an increase in crude protein content and a decrease in organic matter digestibility of the diets selected by the animals.

Under rotational grazing, the relationship between stocking rate (ha/LSU) and animal production was cubic, when the latter was expressed as kg/LSU ($R^2 = 1$) and linear when expressed as kg/ha

($R^2=0,97$). Similarly under continuous grazing the corresponding relationships were quadratic ($R^2=0,99$) and linear ($R^2=0,87$), respectively.

The relationship between stocking rate (ha/LSU) and available above-ground phytomass production (kg/ha) over all treatments, was quadratic ($R^2= 0,7 - 1$). The available above-ground phytomass production did not increase linearly with decreasing stocking rates, but reached a maximum under light stocking rates.

According to the animal production data, optimum stocking rate was 6,5 and 7,7 ha/LSU for rotational and continuous grazing respectively. In contrast, the equilibrium between plant and animal biomass was reached at stocking rates of respectively 7,9 and 7,2 ha/LSU for rotational and continuous grazing. The most economical stocking rates were 8,17 and 7,37 ha/LSU for rotational and continuous grazing, respectively. The original veld condition could not be maintained under any of the treatments. The advised grazing capacity is 8 ha/LSU, where an LSU is defined as an animal with a livemass of 450 kg and gaining 500 g per day.

HOOFSTUK 10

LITERATUURVERWYSINGS

- Acocks, J.H.P., 1988. Veldtypes of South Africa. *Memiors of the Botanical Survey of South Africa*. No 57. 3rd Edition. Botanical Research Institute, Department of Agricultural Development.
- Anoniem, 1989a. *Landbou in Suid-Afrika*. Vierde uitgawe. Chris van Rensburg Publikasies (Edms.) Bpk., Posbus 29150, Melville, 2109.
- Anoniem, 1989b. COMBUD Bedryfstak-begrotings. Direktoraat Landbou-ekonomie. Julie 1989. Dept. Landbou-ontwikkeling, Pretoria.
- Aucamp, A.J., Dankwerts, J.E. & Venter, J.J., 1984. The production potential of an *Acacia karoo* community utilized by cattle and goats. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(1): 29 - 32.
- Barnes, D.L., Rethman, N.F.G., Beukes, B.H. & Kotzé, G.D., 1984. Veld composition in relation to grazing capacity. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(1): 16 - 19.
- Booyesen, P. de V., 1967. Grazing and grazing management terminology in southern Africa. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 2: 45 - 57.
- Boultwood, J.N. & Rodel, M.G.W., 1981. Effects of stocking rate and burning frequency of *Brachysequia/Julbernardia* veld in Zimbabwe. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 16: 111 - 116.

- Bransby, D.I., 1984. A model for predicting livemass gain from stocking rate and annual rainfall. *J. Grassl. Soc. South.Afr.*, 1(2): 22 - 26.
- Danckwerts, J.E., 1987. A procedure for estimating grazing capacity in semi-arid grassveld. *Dohne Agric*, 9(2): 3 - 5.
- Danckwerts, J.E., 1988. Units for expressing stocking rate and carrying (or grazing) capacity. *Dohne Agric*, 10(1): 29 - 31.
- Danckwerts, J.E., 1989. The quality of herbage ingested by cattle in rotationally grazed semi-arid grassveld of the Eastern Cape. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 6(2): 65 - 70.
- Danckwerts, J.E. & King, P.G., 1984. Conservative stocking or maximum profit: A grazing management dilemma? *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(4): 25 - 28.
- De Waal, H.O., 1980. Tegnieke vir die evaluering van weiding deur herkouers. *Glen Agric*, 9(2): 18 - 21.
- Donaldson, C.H., 1986. An important milestone in the development of pasture research at Grootfontein College of Agriculture. *Karoo Agric*, Somer 1986, 3: 1 - 6.
- Edwards, P.J., 1980. The use of stocking rate/animal performance models in research and extension. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 15: 73 - 78.
- Edwards, P.J. & Nel, S.P., 1973. Short term effects of fertilizer and stocking rates on the Bakenveld.
1. Vegetational changes. 2. Animal production. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 8: 81 - 96.

- Engels, E.A.N., 1983. Voedingsnavorsing met die weidende dier. *S. Afr. Tydskr. Veek.*, 13: 292 - 298.
- Engels, E.A.N., 1986. Voedingsnavorsing met die weidende dier. In: *Navorsingskeur - 1986. Diereproduksie*, Red. L.L. Lötter, Pretoria, Dept. Landbou-ontwikkeling.
- Engels, E.A.N., De Waal, H.O., Biel, L.C. & Malan, A., 1981. Practical implications of the effect of drying and treatment on nitrogen content and *in vitro* digestibility of samples collected by oesophageally fistulated animals. *S. Afr. J. Anim. Sci.*, 11: 274 - 284.
- Engels, E.A.N. & Van der Merwe, F.J., 1967. Application of an *in vitro* technique to South African forages with special reference to the effect of certain factors on the results. *S. Afr. J. Agric Sci.*, 10: 983 - 995.
- Fouché, H.J., De Jager, J.M. & Opperman, D.P.J., 1985. A mathematical model for assessing the influence of stocking rate on the incidence of drought and for estimating the optimal stocking rates. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 2(3): 4 - 6.
- Fourie, J.H., 1983. Karakterisering van die weidingskapasiteit van natuurlike weiding in die Noord-Kaapland. Ph.D.-proefskrif, U.O.V.S., Bloemfontein.
- Fourie, J.H., 1985. Die invloed van veebelading op veeproduksie en veldtoestand. *Glen Agric*, 14(1 & 2): 8 - 11.
- Fourie, J.H. & Du Toit, P.J., 1983. Weidingstudies in die Vrystaatstreek: Die bepaling van veldtoestand. *Glen Agric*, 12(1): 5 - 9.

- Fourie, J.H., Dry, J.G. & Hamman, H., 1982. Veldbestuur in Noord-Kaapland. Vleisbeeste C.1.3. *Boerdery in Suid-Afrika*. Dept. Landbou-ontwikkeling, Pretoria.
- Fourie, J.H., Engels, E.A.N., De Bruyn, Heila & Biel, L.H.C., 1986. The influence of stocking rate and grazing systems on the crude protein content and digestibility of *Tarchonanthus* veld in the Northern Cape. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 3(2): 62 - 69.
- Fourie, J.H., Engels, E.A.N. & Roberts, B.R., 1986. Herbage intake by cattle on *Tarchonanthus* veld in the Northern Cape as effected by stocking rate and grazing system. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 3(3): 85 - 89.
- Fourie, J.H., Opperman, D.P.J & Roberts, B.R., 1985. Influence of stocking rate and grazing systems on available grazing in the Northern Cape. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 2(3): 24 - 26.
- Fourie, J.H., Redelinghuys, G.J. & Opperman, D.P.J., 1984. Influence of stocking rate and grazing system on plant basal cover and botanical composition of veld in the Northern Cape. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(4): 20 - 24.
- Friedel, M.H., 1988. The development of veld assessment in the Northern Transvaal Savanna. II. Mixed bushveld. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 5(2): 55 - 63.
- Gabriel, H.W. & Talbot, S.S., 1984. Glossary of landscape and vegetation ecology for Alaska. *B.L.M. Alaska Tech. Report 10*. US Dept. Interior, Anchorage, Alaska.
- Hardy, M.B. & Hurt, C.R., 1989. An evaluation of veld condition assessment techniques in Highland Sourveld. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 6(2): 51 - 58.

- Hart, R.H., Samuel, Marilyn J., Test, P.S. & Smith, M.A., 1988. Cattle, vegetation and economic responses to grazing systems and grazing pressure. *J. Range Mgmt.*, 41(4): 282 - 286.
- Harvey, W.R., 1977. Instructions for use of mixed model least-square and maximumlikelihood computer program. (P/LSML 76). Ohio State University, U.S.A.
- Heard, C.A.H., Tainton, N.M., Clayton, J. & Hardy, M.B., 1986. A comparison of five methods for assesing veld condition in the Natal Midlands. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 3: 70 - 76.
- Herbst, S.N., 1973. Voorkeurstudies met skape op natuurlike veldweiding. *Glen Agric*, September 1973, 2(2): 11 - 13.
- Hill, M.O., 1979. Decorana: A Fortran program for detrended correspondence analysis and reciprocal averaging. New York: Ithaca. 30p.
- Horwitz, W. (Ed.), 1970. Offfical methods of analysis. *Association of Official Analytical Chemists*. 11th Edition, Benjamin Franklin Station, P.O. Box 540, Washington D.C.
- Jones, R.J. & Sandland, R.L., 1974. The relation between animal gain and stocking rate. Derivation of the relation from the results of grazing trails. *J. Agric. Sci.*, 71: 327 - 335.
- Keuter, U.P., Brockett, G.M., Lyle, A.D., Tainton, N.M. & Bransby, D.I., 1984. Evaluation of veld potential in East Griqualand using beef cattle under two grazing management system. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(4): 5 - 10.

- Kirby, D.R., Pessin, M.F. & Clambey, G.K., 1986. Disappearance of forage under short duration and seasonlong grazing. *J. Range Mgmt.*, 39(6): 496 - 499.
- Kruger, A.J., 1983. Bepaal self u plaas se weidingskapasiteit. *Sentraalwes-Bulletin*, Desember 1983.
- Meissner, H.H., Hofmeyr, H.S., van Rensburg, W.J.J. & Pienaar, J.P., 1983. Klassifikasie van vee vir sinvolle beraming van vervangingswaardes in terme van 'n biologies gedefinieerde Grootvee-eenheid. *Tegniese mededeling* No. 175, Dept. Landbou-ontwikkeling, Pretoria.
- Mentis, M.T., 1983. Towards objective veld condition assessment. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 18: 77 - 80.
- Mentis, M.T., 1984. Optimising stocking rate under commercial an subsistence pastoralism. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 1(1): 20 - 24.
- Milner, R.G., 1966. *Simultaneous statistical inference*. McGraw-Hill, New York.
- Mostert, J.W.C., Roberts, B.R., Heslinga, C.F. & Coetzee, P.G.F., 1971. *Veldmanagement in the O.F.S. Region*. Bulletin No 391. Pretoria: The Government Printer.
- Odendaal, A., 1987. 'n Metode om die invloed van belading op die winsgewendheid van vleiswolskaapproduksiestelsels op weiveld in die Sentraal-Vrystaat te illustreer. M.Sc. Agric-verhandeling. U.O.V.S., Bloemfontein.
- Olson, K.C., Rouse, G.B. & Malechek, J.C., 1989. Cattle nutrition and grazing behavior during short-duration grazing periods on crested wheatgrass range. *J. Range Mgmt.*, 42(2): 153 - 157.

- O'Reagain, P.J. & Mentis, M.T., 1988. Seasonal changes in the quality of diets selected by cattle grazing the Natal Sour Sandveld. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 5(1): 48 - 51.
- Quiley, T.M., Skovlin, J.M. & Workman, J.P., 1984. An economic analysis of two systems and three levels of grazing on Ponderosa pine-bunchgrass range. *J. Range Mgmt.*, 37(4): 309 - 311.
- Ralphy, M.H., Kathmann, M.M. & Merrill, L.B., 1986. Cattle and sheep diets under short-duration grazing. *J. Range Mgmt.*, 39(3): 217 - 223.
- Stoltz, C.W. & Danckwerts, J.E., 1990. Grass species selection patterns on rotationally-grazed Dohne Sourveld during autumn and early winter. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 7(2): 92 - 96.
- Tainton, N.M., 1972. The relative contribution of overstocking and selective grazing to the degeneration of Tall Grassveld in Natal. *Proc. Grassl. Soc. South. Afr.*, 7: 39 - 43.
- Tidmarsh, C.E.M. & Havenga, C.M., 1985. The wheelpoint-method of survey and measurement of semi-open grassland and Karoo vegetation in South Africa. *Botanical survey of South Africa*. Memior No 29. Pretoria: The Government Printer.
- Tilley, J.M.A. & Terry, R.A., 1963. A two-stage technique for the *in vitro* digestion of forage crops. *J. Brit. Grassl. Soc.*, 18: 104 - 111.

- Trollope, W.S.W., Trollope, Lynne A. & Bosch, O.J.H., 1990. Veld en aangeplante weidingsbestuursterminologie in suidelike Afrika. *Tydskrif Weidingsveren. S. Afr.*, 7(1): 67 - 75.
- Turner, J.R. & Tainton, N.M., 1989a. Interrelationships between veld condition, herbage mass, stocking rate and animal performance in the Tall Grassland of Natal. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 6(4): 175 - 182.
- Turner, J.R. & Tainton, N.M., 1989b. Individual animal performance in relation to herbage mass and stocking rate in the Natal Sour Sandveld. *J. Grassl. Soc. South. Afr.*, 6(4): 183 - 185.
- Van der Berg, W.J., 1990. Persoonlike mededeling. Dept. Landbou-ontwikkeling. Navorsingsinstituut vir Graangewasse. Potchefstroom.
- Van Wyk, J.A.P., 1988. Biomassa as basis vir bestokking. *Agricola*, 6: 12 - 16.
- Walker, J.W., Heitschmidt, R.K. & Dowhower, S.L., 1989. Some effects of a rotational grazing treatment on cattle preference for plant communities. *J. Range Mgmt.*, 42(2): 143 - 148.
- Wilson, A.D. & Tupper, G.J., 1982. Concepts and factors applicable to the measurement of range condition. *J. Range Mgmt.*, 35(6): 684 - 689.

BYLAAG 9 KBV's vir die toets van die betekenisvolheid ($P \leq 0.05$ en $P \leq 0.01$) van die verskille tussen behandelings t.o.v. diereproduksie per ha in die verskillende proefsetsoene

P =	VS	MS	NS	S	W	J
1981/82, 86/87 & 87/88	0.05	0.01	0.05	0.01	0.05	0.01
Misiel:	4.12	4.99	4.53	5.45	6.52	7.90
LA: res	5.83	7.06	6.41	7.77	6.63	7.71
Res	5.70	6.91	6.27	7.60	6.22	7.54
LW: LA	3.91	5.13	4.29	5.64	4.26	5.60
Res	3.79	4.98	4.17	5.48	4.14	5.44
1982/83						
LH: SM&M	4.39	5.32	4.83	5.86	4.80	5.81
LW: MSH	4.80	5.81	5.27	6.39	5.24	6.35
MA: SH	4.12	4.99	4.53	5.49	4.49	5.45
Res	4.54	5.51	5.00	6.06	4.96	6.01
LA: MSA	5.95	7.22	6.55	7.93	6.50	7.88
MA: SA	5.70	6.91	6.27	7.60	6.22	7.54
Res	5.83	7.06	6.41	7.77	6.36	7.71
LW: LA	4.08	5.36	4.48	5.89	4.45	5.85
MSH: MSA	4.17	5.48	4.59	6.03	4.56	5.99
Res	3.79	4.98	4.17	5.48	4.14	5.44
1984/85						
LH: SM&MSH	3.95	4.79	4.34	5.26	4.31	5.23
&MSH: SH	3.91	4.74	4.30	5.21	4.27	5.18
Res	5.95	7.22	6.55	7.93	6.50	7.88
LA: MSA	5.70	6.91	6.21	7.60	6.22	7.54
MA: SA	5.83	7.06	6.41	7.77	6.36	7.71
Res	3.72	4.89	4.09	5.37	4.06	5.33
MA: MA	3.74	4.92	4.11	5.41	4.08	5.37
SH: SA	3.85	5.05	4.24	5.57	4.21	5.53
Res						

BYLAAG 10 Standaard fout (SF) en die koëffisiënt van variasie (KV) vir die verwantskappe tussen veelading en diereproduksie

	SF	KV
kg/dier	22.55	17.24
kg/ha	5.88	17.82
kg/GVE	29.69	16.71